Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Onderwys



# Stop Misbruik Protokol

van die Wes-Kaap Onderwysdepartement

2025

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Onderwys

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Direktoraat: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwys

# STOP MISBRUIK-PROTOKOL

**Inhoud** **Bladsy**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Woordomskrywings | 2 |
| 2. | Wetgewende raamwerk | 8 |
| 3. | Doel | 9 |
| 4. | Omvang | 9 |
| 5. | Inleiding | 9 |
| 6. | Bestuursprosedures | 10 |
| 7. | Rolspelers | 21 |
| 8. | Hersiening | 24 |


**Bylaes**


| | | |
|---|---|---|
| Bylae A: | Belangrike kontakbesonderhede | 25 |
| Bylae B: | Databasis van plaaslike ondersteuningsdienste | 26 |
| Bylae C: | Vorm 22 (*Form 22 – Reporting of abuse or deliberate neglect of a child)* | 27 |
| Bylae D: | Misdrywe teen kinders en persone met verstandelike gestremdhede | 33 |
| Bylae E: | Breërisiko-assesseringsraamwerk om besluitneming in die lewering van aangewese kinderbeskermingsdienste te rig | 39 |
| Bylae F: | Regsplig om misdrywe aan te meld | 42 |
| Bylae G: | Riglyne ten opsigte van oortreders wat WKOD-werknemers is | 47 |
| Bylae H: | Riglyne ten opsigte van oortreders wat werknemers is wat deur 'n beheerliggaam aangestel is | 48 |
| Bylae I: | Riglyne ten opsigte van die betrokkenheid van die openbare media | 50 |
| Bylae J: | Vorm 29 (*Form 29 – Inquiry by employer to establish whether person's name appears in Part B of National Child Protection Register)* | 51 |
| Bylae K: | Vorm 7 (*Form 7 – Application for certificate by person in respect of own particulars)* | 52 |
| Bylae L: | Vorm 8 *(Form 8 – Application for certificate by person/licencing authority/relevant authority in respect of particulars of another)* | 54 |

## 1. Woordomskrywings

In hierdie protokol dra elke woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is daardie betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk—

"**aangewese maatskaplike werker**" beteken 'n maatskaplike werker in diens van 'n organisasie wat ingevolge die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005), aangewys is om kinderbeskermingsdienste te lewer, soos—
(a) die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
(b) 'n geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie, soos die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV), Kinderwelsyn Suid-Afrika of Badisa; of
(c) 'n munisipaliteit;

"**aanranding met die opset om ernstig te beseer**" beteken 'n ernstige strafbare oortreding wat behels dat 'n ander persoon met opset of op roekelose wyse ernstige fisieke leed aangedoen word;

"**beheerliggaam**" beteken 'n statutêre liggaam beklee met die bestuur van 'n openbare skool en wat slegs sodanige funksies en werksaamhede mag uitvoer en sodanige regte mag uitoefen soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

"**doelbewuste verwaarlosing**" vir die doel van hierdie protokol verwys na artikel 110(1) van die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005);

"**Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdrywe (GKS)**" verwys na 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) wat seksuele misdrywe teen kinders, misdade wat op persone gerig is (waar die gesin betrokke is), die onwettige verwydering van kinders jonger as 12 jaar en misdade wat deur die elektroniese media gefasiliteer word, bestry;

"**gesinsgeweld**", ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), beteken—
(a) fisieke mishandeling;
(b) seksuele mishandeling;
(c) emosionele, verbale of sielkundige mishandeling;
(d) ekonomiese mishandeling;
(e) intimidasie;
(f) teistering;
  (i) seksuele teistering;
  (ii) mishandeling van verwante persoon;
(g) geestelike mishandeling;
(h) beskadiging van eiendom;
(i) mishandeling van ouer persone;
(j) dwanggedrag;
(k) beherende gedrag;
(l) blootstelling van 'n kind aan gesinsgeweld;

(m) betreding van 'n klaer se—
   (i) permanente of tydelike woning sonder hul toestemming, waar die partye nie dieselfde woning deel nie; of
   (ii) werkplek of studieplek, sonder hul toestemming, waar die partye nie dieselfde werkplek of studieplek deel nie; of
   (iii) enige ander optrede van 'n intimiderende, dreigende, mishandelende, verlagende, beledigende of vernederende aard teenoor 'n klaer, waar sodanige optrede die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer skaad, of die redelike oortuiging skep dat die klaer leed aangedoen kan word;

"**inrigting**" beteken 'n gewone openbare skool, spesiale openbare skool of enige ander inrigting binne die jurisdiksie van die WKOD;

"**intimidasie**", ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), beteken—
(a) fisieke geweld, of skade aan eiendom wat aan 'n klaer of enige ander persoon behoort; of
(b) dreigemente van fisieke geweld, of beskadiging van eiendom wat aan 'n klaer of enige ander persoon behoort;
(c) om die klaer of enige ander persoon te ontneem van hulle vryheid of om te dreig om dit te doen; of
(d) deur elektroniese kommunikasie 'n dreigement oor te dra, of 'n klaer 'n dreigement te laat ontvang, wat vrees vir fisieke geweld, of skade aan eiendom wat behoort aan 'n klaer of enige ander persoon inboesem,

waar sodanige gedrag bedoel is om 'n klaer te dwing om iets nie te doen nie wat hulle 'n regmatige reg het om te doen, of om enigiets te doen wat hulle 'n wettige reg het om nie te doen nie;

"**kind**[1]", ingevolge die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005), beteken 'n persoon jonger as 18 jaar;

"**kindermishandeling**" beteken enige vorm van leed of mishandeling wat opsetlik aan 'n kind toegedien is en sluit in—
(a) aanranding van 'n kind of die toediening van enige ander vorm van opsetlike besering aan 'n kind;
(b) seksuele mishandeling van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel mishandel word;
(c) afknouery deur 'n ander kind;
(d) 'n arbeidspraktyk waardeur 'n kind uitgebuit word; of
(e) blootstelling of onderwerping van 'n kind aan gedrag wat die kind sielkundig of emosioneel skade aandoen;

---

[1] Die woorde "kind" en "leerder" word in hierdie protokol na gelang van die konteks deurgaans uitruilbaar gebruik.

"**kommersiële seksuele uitbuiting**" met betrekking tot 'n kind beteken—
(a) die verkryging van 'n kind om seksuele aktiwiteite vir finansiële of ander vergoeding uit te voer, wat handelinge van prostitusie of pornografie insluit, ongeag of daardie vergoeding geëis word deur, betaal is aan of gedeel word met die verkryger, die kind, die ouer of die versorger van die kind, of enige ander persoon; of
(b) handel in kinders vir gebruik in seksuele aktiwiteite, wat prostitusie of pornografie insluit;

"**koshuis**" beteken residensiële verblyf wat deur 'n skool vir leerders beskikbaar gestel word;

"**kringgebaseerde maatskaplike werker**" beteken 'n maatskaplike werker in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat ingevolge artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (Wet 110 van 1978) geregistreer is;

"**kringgebaseerde sielkundige**" beteken 'n sielkundige in diens van die WKOD wat ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974) geregistreer is, en wat deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika gereguleer word;

"**kwesbare persoon**", ingevolge artikel 40 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, beteken—
(a) 'n kind,
(b) 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid,
(c) 'n vrou onder die ouderdom van 25 jaar wat—
    (i) onderrig by 'n kollege vir hoër onderwys, inrigting vir hoër onderwys of universiteitskollege soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet 101 van 1997), ontvang;
    (ii) praktiese opleiding by enige opleidingsinstelling, anders as die instellings in subparagraaf (i) bedoel, of as deel van hul indiensneming ontvang; of
    (iii) in 'n gebou, struktuur of fasiliteit woon wat hoofsaaklik as woonverblyf vir enige van die persone bedoel in subparagrawe (i) en (ii) gebruik word;
(d) 'n persoon wat versorg of beskerm word in 'n beskermingsfasiliteit wat dienste aan slagoffers van misdaad verskaf;
(e) 'n persoon met 'n fisieke, intellektuele of sensoriese gestremdheid en wat—
    (i) gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste, anders as vanaf 'n familielid, ontvang vir;
    (ii) woon in 'n gebou, struktuur of fasiliteit wat hoofsaaklik as 'n verblyfplek gebruik word vir; of
    (iii) versorg word in 'n fasiliteit wat 24 uur-versorging bied aan persone met fisieke, intellektuele of sensoriese gestremdhede; of
(f) 'n 60-jarige of ouer persoon en wat—
    (i) gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste, anders as vanaf 'n familielid, ontvang vir;
    (ii) versorg word in 'n fasiliteit wat 24 uur-versorging bied aan persone met fisieke, intellektuele of sensoriese gestremdhede; of
    (iii) versorg word in 'n fasiliteit wat 24 uur-versorging bied aan sodanige persone;

"**leerder**[2]" beteken enige persoon wat onderwys ontvang, of ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), verplig is om onderwys te ontvang;

"**leerder-slagoffer**" beteken 'n leerder/kind wat 'n bewering van kindermishandeling en/of 'n seksuele misdryf teen 'n ander persoon of leerder/kind maak;

"**lyfstraf**", ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beteken enige opsetlike daad teen 'n kind wat pyn of fisieke ongemak, hoe gering ook al, veroorsaak en wat insluit, maar nie beperk is nie tot—

(a) slaan, wiks, klap, knyp of krap met die hand of enige voorwerp;

(b) skop, skud, gooi, gooi van voorwerpe na, brand, skroei, byt, trek hare, boks ore, trek of stoot van kinders;

(c) om kinders te dwing om in ongemaklike posisies te bly, kinders te dwing om iets in te neem, kinders se monde met seep uit te was, etes, hitte en skuiling te weier, 'n kind te dwing om oefeninge te doen wat nie in ooreenstemming is met die kurrikulum wat op die leerder van toepassing is nie of om te weier dat die kind die toilet gebruik of die gebruik van die toilet beperk; en

(d) enige handelinge wat poog om 'n leerder te verkleineer, verneder, dreig, vrees by die leerder in te boesem of die waardigheid en persoon van 'n leerder te spot;

"**mensehandel**", ingevolge die "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act", 2013 (Wet 7 van 2013), met betrekking tot 'n kind beteken—

Enige persoon wat 'n ander persoon binne of oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika heen besorg, werf, vervoer, oorplaas, versteek, verkoop, verruil, verhuur of ontvang deur middel van—

(a) 'n dreigement van skade;

(b) die dreigement van of gebruik van dwang of ander vorme van dwangmaatreëls;

(c) die misbruik van kwesbaarheid;

(d) bedrog;

(e) misleiding;

(f) menseroof;

(g) ontvoering;

(h) die misbruik van mag;

(i) die regstreekse of onregstreekse ontvangs van betalings of voordele om die toestemming van 'n persoon te verkry wat beheer of gesag oor 'n ander persoon het; of

(j) die regstreekse of onregstreekse skenking of ontvangs van betalings, vergoeding, belonings, voordele of enige ander voordeel, wat gemik is op die persoon of iemand wat 'n hegte verwantskap met daardie persoon het, wat enige vorm of wyse van uitbuiting ten doel het, is skuldig aan die misdryf van mensehandel;

"**opvoeder**", ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beteken enige persoon, uitgesluit 'n persoon wat aangestel is om buitemuurse aktiwiteite aan te bied, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele onderwysdienste lewer, met inbegrip van professionele terapie en onderwyssielkundige dienste by 'n skool;

[2] Die woorde "kind" en "leerder" word in hierdie protokol na gelang van die konteks deurgaans uitruilbaar gebruik.

“**ouer**”, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beteken—

(a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van ’n leerder;

(b) die persoon wat volgens wet toesig oor ’n leerder het; of

(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van ’n persoon waarna in subparagrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se onderwys verwys word;

“**prinsipaal**” beteken ’n opvoeder wat as die hoof van ’n skool aangestel is of as die hoof van ’n skool waarneem;

“**seksuele misdrywe**” beteken beide algemene en spesifieke misdrywe teen kinders en persone met verstandelike gestremdhede (raadpleeg Bylae D vir ’n lys van hierdie misdrywe);

“**seksuele mishandeling**”, ingevolge die “Children’s Act”, 2005 (Wet 38 van 2005), met betrekking tot ’n kind beteken—

(a) die seksuele molestering of aanranding van ’n kind of om toe te laat dat ’n kind seksueel gemolesteer of aangerand word;

(b) om ’n kind aan te moedig, te oorreed of te dwing om vir die seksuele bevrediging van ’n ander persoon gebruik te word;

(c) om ’n kind te gebruik of ’n kind opsetlik bloot te stel aan seksuele aktiwiteite of pornografie; of

(d) die verkryging van, of om toe te laat dat ’n kind verkry word vir kommersiële seksuele uitbuiting of om op enige wyse deel te neem aan of by te dra tot die kommersiële seksuele uitbuiting van ’n kind;

“**skool**” beteken ’n openbare skool of ’n onafhanklike skool wat leerders van graad R (Resepsie) tot graad 12 inskryf;

“**skoolbestuurspan**” beteken die bestuurspan van ’n skool wat bestaan uit die prinsipaal, adjunkprinsipaal en departementele hoofde wie se gedefinieerde rol dit is om die prinsipaal by te staan en te ondersteun in die bestuur van die skool;

“**teistering**” ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), beteken—

(a) die onredelike—

    (i) agtervolging van, dophou van, agternasit, bekruiping of bydam van die klaer of ’n verwante persoon; of

    (ii) rondslenter buite of naby, die gebou of plek waar die klaer of ’n verwante persoon woon, werk, besigheid bedryf, studeer of hom of haar bevind,

    wat die klaer laat glo dat hulle of ’n verwante persoon seergemaak kan word of dat hulle eiendom beskadig kan word;

(b) om die klaer herhaaldelik te kontak by wyse van ’n elektroniese kommunikasiediens, ongeag of—

    (i) ’n gesprek begin word; of

    (ii) enige inligting aan die klaer oorgedra word;

(c) die herhaaldelike stuur of aflewering van pakkies, kommunikasies of ander voorwerpe

aan die klaer, of om dit te los waar die klaer dit kan kry, aan die klaer gegee kan word of onder die klaer se aandag gebring kan word;
(d) ongemagtigde toegang tot 'n klaer se kommunikasie of elektroniese kommunikasie;
(e) monitering of nasporing van die klaer se bewegings, aktiwiteite of interpersoonlike assosiasies sonder die klaer se toestemming, byvoorbeeld met die gebruik van tegnologie;
(f) om enige deel van die gesamentlike woning wat uitsluitlik deur die klaer gebruik word of enige ander eiendom van die klaer te betree, sonder die klaer se toestemming;
(g) om onredelik met enige eiendom wat uitsluitlik in gebruik deur of in besit van die klaer is, in te meng;
(h) om 'n elektroniese kommunikasie aan die klaer te openbaar, of die klaer 'n kommunikasie te laat ontvang, wat—
  (i) mishandelend, verkleinerend, beledigend of vernederend is;
  (ii) die seksuele integriteit of waardigheid van 'n klaer skend; of
  (iii) die klaer laat glo dat hulle of 'n verwante persoon seergemaak of hulle eiendom beskadig kan word; of
(i) om 'n elektroniese kommunikasie te openbaar, of om 'n kommunikasie beskikbaar te stel, aan 'n ander persoon rakende 'n klagte, wat—
  (i) inligting wat van 'n private aard is, bevat;
  (ii) die seksuele integriteit of waardigheid van 'n klaer skend of kwets;
  (iii) mishandelend, verkleinerend, beledigend of vernederend is; of
  (iv) die klaer laat glo dat hulle of 'n verwante persoon seergemaak of hulle eiendom beskadig kan word;

"**Thuthuzela-sorgsentrums**" verwys na eenstopsentrums wat by gesondheidsorgfasiliteite gebaseer is en wat slagoffer-gesentreerde dienste in die vorm van kliniese forensiese, psigososiale en ander tersaaklike dienste op 'n multidissiplinêre wyse aan slagoffers van geslagsgebaseerde geweld lewer;

"**vermeende leerder-oortreder**" beteken die leerder teen wie 'n klag gelê is;

"**verwaarlosing**" met betrekking tot 'n kind beteken versuim om in die uitvoering van ouerlike verantwoordelikhede voorsiening te maak vir die kind se basiese fisieke, intellektuele, emosionele of maatskaplike behoeftes;

"**werknemer**" beteken—
(a) 'n opvoeder soos hierbo omskryf;
(b) 'n lid van die koshuispersoneel;
(c) 'n lid van die administratiewe personeel;
(d) 'n lid van die ondersteuningspersoneel of kontrakwerker wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is; of
(e) 'n lid van die ondersteuningspersoneel of kontrakwerker wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), en/of deur die beheerliggaam van die skool aangestel is;

"**werknemerverhoudingebeampte**" beteken 'n werknemer in die Direktoraat: Werknemerverhoudinge by die WKOD se Hoofkantoor, wie se funksie dit is om wangedrag te ondersoek en om wangedrag-verrigtinge teen 'n vermeende oortreder wat in diens van die WKOD is, in te stel.

## 2. Wetgewende raamwerk

Die wetgewende raamwerk vir hierdie protokol is:

(a) "Child Justice Act", 2008 (Wet 75 van 2008)
(b) "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005)
(c) Gedragskode vir die staatsdiens, soos gepubliseer in Hoofstuk 2 van die *Staatsdiensregulasies, 2016*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016
(d) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
(e) Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig
(f) Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), soos gewysig
(g) Kollektiewe Ooreenkoms 3 van 2018 van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO), gedateer 25 September 2018
(h) Witskrif op Onderwys 6: Onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes, Die Bou van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel, 2001
(i) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)
(j) Wet op Intimidasie, 1982 (Wet 72 van 1982)
(k) *Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole en Studente en Opvoeders in Verdere Onderwys-en-Opleidingsinrigtings*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 20372 van 10 Augustus 1999
(l) Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, 2020
(m) Beleid oor die Voorkoming en Bestuur van Leerderswangerskap in Skole (*Policy on the Prevention and Management of Learner Pregnancy in Schools*), gepubliseer in *Staatskoerant* No. 45580 van 03 Desember 2021
(n) "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act", 2013 (Wet 7 van 2013)
(o) Wet op Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011)
(p) Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)
(q) *Regulasies betreffende die dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders in openbare skole in die Wes-Kaap*, gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 6939 van 15 Desember 2011
(r) SAPD se Nasionale Instruksie 3 van 2008
(s) Professionele Etiekkode van Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2022
(t) Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)
(u) WKOD se Leerderbywoningsbeleid, 2010
(v) WKOD Beleid oor Bestuur van Leerderswangerskap in Openbare Skole, 2003
(w) Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

## 3. Doel

Die doel van hierdie protokol is om—

(a) alle leerders wat slagoffers of oortreders van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing of enige seksuele misdryf is by te staan; en

(b) 'n benadering vir opvoeders en werknemers voor te skryf waar hulle in gevalle van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en kinders wat slagoffers van seksuele misdrywe is, sodanige gevalle—

  (i) moet identifiseer;

  (ii) moet ingryp;

  (iii) die gevalle moet aanmeld; en

  (iv) ondersteuning moet verskaf.

## 4. Omvang

Hierdie protokol is van toepassing op alle openbare skole in die Wes-Kaap.

## 5. Inleiding

Kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe teen kinders is ernstige probleme wat tans in gemeenskappe en onderwysinrigtings regdeur Suid-Afrika voorkom. Hierdie kommerwekkende aangeleentheid is deur President Cyril Ramaphosa geopper toe hy geweld en seksuele misdrywe teen kinders, vroue en die LGBTQIA+-gemeenskap as die tweede pandemie ná COVID-19 verklaar het. Hierdie protokol is gevolglik ontwikkel om inrigtings, werknemers, leerders en ouers/voogde/versorgers van die WKOD te help om hierdie probleme op die mees doeltreffende en doelmatige wyse te hanteer.

Die aanmeldingsprosedures wat in hierdie protokol vervat is, mag deur leerders, opvoeders, werknemers, ouers/voogde/versorgers en enige ander persone gebruik word. Alle WKOD-werknemers moet daarom toesien dat hulle volkome vertroud is met die inhoud van hierdie protokol, en dat hulle 'n duidelike begrip het van hul rol in die bestryding van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe teen kinders.

Hierdie probleme kan slegs doeltreffend bestuur word indien prosedures op 'n sterk regsgrondslag berus. Toe hierdie protokol dus opgestel is, is alle tersaaklike wetgewing ten opsigte van kinders, wat die Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, 2020 insluit, in ag geneem en toegepas.

Die ses pilare wat in die Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, 2020, uiteengesit word, verskaf leiding aan alle sfere van die regering en die burgerlike samelewing oor die bestuur van geslagsgebaseerde geweld ten opsigte van alle kwesbare groepe, veral kinders.
Die ses pilare is as volg:
Pilaar 1: Verantwoordbaarheid, Koördinering en Leierskap
Pilaar 2: Voorkoming en die Herbou van Maatskaplike Samehorigheid

Pilaar 3: Beskerming, Veiligheid en Geregtigheid
Pilaar 4: Respons, Versorging, Ondersteuning en Genesing
Pilaar 5: Ekonomiese Bemagtiging
Pilaar 6: Navorsing en Inligtingstelsels

Die tersaaklike wetgewing belig die verantwoordelikheid van opvoeders en nie-opvoeders wat mag vermoed dat kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe plaasvind of wat besig is om dit te hanteer, en **hul plig** om sodanige voorvalle op die voorgeskrewe wyse **aan te meld**.

Kinderbeskerming is ELKEEN se verantwoordelikheid, daarom is die **klaring van alle personeel** – ongeag of hulle op kontrak of in 'n permanente posisie aangestel is, vrywilligers, diensverskaffers, belanghebbers of enigiemand is wat 'n diens by 'n skool lewer – volgens wet verpligtend om toe te sien dat kinders beskerm word.

Hierdie protokol beklemtoon ook die verantwoordelikheid van die prinsipaal om die prosedures, wat op so 'n wyse uiteengesit is om te alle tye die vertroulikheid en beste belang van die kind te handhaaf, in werking te stel, te bestuur en in stand te hou.

## 6. Bestuursprosedures

Die beste belang van die kind (leerder-slagoffer of vermeende leerder-oortreder) moet die deurslaggewende faktor wees, en dit sal bepaal hoe die proses bestuur word wanneer 'n voorval van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing of seksuele misdryf aangemeld word. Suid-Afrikaanse wetgewing maak dit verpligtend om sodanige voorvalle aan te meld en versuim om dit te doen, is 'n strafbare oortreding.

### 6.1 Verpligte aanmelding

**6.1.1 Ingevolge artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig**

(a) Elke persoon is verplig om enige kennis, redelike oortuiging of vermoede dat 'n seksuele misdryf teen 'n kwesbare persoon (soos in artikel 40 van hierdie Wet omskryf, en wat kinders en persone met verstandelike gestremdhede insluit) gepleeg is, aan te meld.
(b) Die beweerde misdryf moet onmiddellik aangemeld word.
(c) Die beweerde misdryf moet by die SAPD aangemeld word.
(d) Al die besonderhede van enige kennis, redelike oortuiging of vermoede van 'n seksuele misdryf moet op versoek van die SAPD verskaf word.
(e) Versuim om 'n beweerde misdryf aan te meld is ingevolge artikel 54(2)(*a*) 'n strafbare oortreding.
(f) Die straf vir nie-aanmelding is 'n boete of gevangenisstraf van vyf jaar of albei.
(g) Waar iemand in goeder trou ingevolge artikel 54(2)(*b*) 'n redelike oortuiging of vermoede het dat 'n seksuele misdryf gepleeg is, sal sodanige persoon nie siviel of strafregtelik aanspreeklik wees as gevolg van sodanige aanmelding nie.

(h) Deel 4 van die SAPD se Nasionale Instruksie 3 van 2008 gee ’n uiteensetting van wie ’n seksuele misdryf mag aanmeld en herhaal die plig om sodanige misdryf ingevolge artikel 54 aan te meld.

(i) Dit is belangrik om daarop te let dat ingevolge die SAPD se Nasionale Instruksie 3 van 2008, ’n SAPD-amptenaar niemand wat ’n seksuele misdryf wat teen ’n kind of ’n persoon met ’n verstandelike gestremdheid aanmeld, mag wegwys nie.

6.1.2 **Ingevolge artikel 110(1) van die “Children’s Act”, 2005 (Wet 38 van 2005), soos gewysig**

(a) Ingevolge hierdie artikel het sekere professionele persone, bv. ’n opvoeder, ’n plig om seksuele misdrywe aan te meld (sien Bylae F).

(b) Daar moet redelike gronde wees om tot die gevolgtrekking te kom dat ’n misdryf teen ’n kind gepleeg is op ’n wyse wat fisieke besering, seksuele mishandeling of doelbewuste verwaarlosing veroorsaak.

(c) Sodanige aanmelding moet op die voorgeskrewe vorm (Vorm 22) geskied.

(d) Dit moet by die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, ’n aangewese kinderbeskermingsorganisasie of die SAPD aangemeld word.

(e) Versuim om ’n beweerde misdryf aan te meld, is ingevolge hierdie artikel ’n strafbare oortreding. Artikel 305(1)(c) verklaar dat ’n persoon skuldig is aan ’n oortreding indien daardie persoon nie artikel 110(1) nakom nie.

6.1.3 **Ingevolge artikel 110(2) van die “Children’s Act”, 2005 (Wet 38 van 2005), soos gewysig**

(a) Hierdie artikel verklaar: “*Any person who on reasonable grounds believes that a child is in need of care and protection may report that belief to the provincial department of social development, a designated child protection organisation or a police official.*”

(b) Geen straf word in hierdie artikel uiteengesit nie.

(c) Hierdie artikel van die “Children’s Act” 2005 (Wet 38 van 2005) maak voorsiening vir diskresie oor by wie die mishandeling aangemeld moet word, bv. by ’n aangewese maatskaplike werker of die SAPD, maar nie ten opsigte van die aanmelding van die misdryf self nie.

(d) In die geval van ’n seksuele misdryf moet die GKS-eenheid van die SAPD betrek word.

6.1.4 **Ingevolge artikel 2B(1) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), soos gewysig**

(a) Artikel 2B(1) verklaar dat ’n volwasse persoon wat weet, of op redelike gronde glo of vermoed dat ’n handeling van gesinsgeweld teen ’n kind, ’n persoon met ’n gestremdheid of ’n ouer persoon gepleeg is, sodanige kennis, oortuiging of vermoede so gou moontlik by ’n maatskaplike werker of die SAPD aanmeld.

(b) Die verslag bedoel in subartikel (1) moet—

   (i) in die voorgeskrewe vorm gemaak word;

   (ii) die redes vir sodanige kennis, oortuiging of vermoede uiteensit; en

   (iii) op die voorgeskrewe wyse aan ’n maatskaplike werker of die SAPD voorgelê word.

(c) 'n Persoon wat in subartikel (1) bedoel word—
   (i) wat die aanmelding te goeder trou doen, is nie vatbaar vir siviele, strafregtelike of dissiplinêre optrede op grond van die verslag nie, ondanks enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied; en
   (ii) het die reg dat hul identiteit vertroulik bly, tensy die belange van geregtigheid anders vereis.

(d) 'n Persoon wat versuim om aan subartikel (1) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

6.1.5 **Ingevolge artikel 18 van die "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act", 2013 (Wet 7 van 2013)**

(a) Artikel 18(1)(*a*) verklaar dat ondanks enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied, ENIGE PERSOON wat weet of redelikerwys behoort te geweet het of vermoed het dat 'n kind 'n slagoffer van mensehandel is, daardie kennis of vermoede onmiddellik by die SAPD vir ondersoek MOET aanmeld.

(b) Artikel 18(1)(*b*) verklaar dat 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat in aanraking kom met 'n kind wat vermoedelik 'n slagoffer van mensehandel is, en in die geval waar dit nog nie aangemeld is soos wat in paragraaf (*a*) daarvoor voorsiening gemaak is nie, moet daardie geval onmiddellik by die SAPD vir ondersoek aanmeld.

(c) 'n Persoon wat in artikel 18(1) bedoel word—
   (i) moet redes vir daardie kennis of vermoede aan die SAPD verskaf;
   (ii) wat die aanmelding te goeder trou doen, is nie vatbaar vir siviele of dissiplinêre optrede op grond van die verslag nie, ondanks enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied; en
   (iii) is geregtig daarop dat sy/haar identiteit vertroulik bly indien hy/sy as gevolg van die aanmelding 'n veiligheidsrisiko loop, tensy die belange van geregtigheid anders vereis.

## 6.2 Algemene riglyne vir die hantering van die openbaarmakingsproses

(a) Tree altyd in die beste belang van die kind op.

(b) Die openbaarmaking van 'n beweerde misdryf is 'n proses, en dit moet met groot omsigtigheid, sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word.

(c) Verskaf ten tyde van die openbaarmaking van 'n beweerde misdryf duidelikheid oor vertroulikheid en verduidelik die gevolge van die openbaarmaking aan die leerder-slagoffer, d.w.s., dat om hom/haar te kan help, jy volgens wet verplig is om die saak by ander rolspelers, soos 'n maatskaplike werker en/of die SAPD aan te meld.

(d) Verseker die kind se veiligheid.

(e) Optrede en intervensies moet onmiddellik wees (wat insluit dat die saak by die SAPD en/of 'n maatskaplike werker aangemeld word).

(f) Doeltreffende bestuur van die proses sal verseker dat die leerder-slagoffer, sowel as die vermeende leerder-oortreder of werknemer-oortreder beskerm is teen bykomende en onnodige emosionele trauma en viktimisering.

(g) Gedurende die openbaarmakingsproses moet die leerder-slagoffer onder geen omstandighede ondervra word om die geloofwaardigheid van die beweerde misdryf

te verifieer nie, aangesien die opvoeder/werknemer/prinsipaal se rol bloot is om die verslag te ontvang en die saak verder by 'n aangewese maatskaplike werker of die SAPD, wat die geval ook al mag wees, aan te meld.

(h) Ten einde te besluit watter proses om te volg en die verslagdoeningsproses voldoende te hanteer, word die volgende inligting as voldoende beskou:
 (i) 'n Misdryf het plaasgevind.
 (ii) Die aard van die misdryf.
 (iii) Die identiteit van die vermeende oortreder.

(i) Die bestuur van die aanmeldingsproses is onmiddellik en daar behoort geen vertragings te wees om die betrokke rolspelers te betrek nie, d.w.s., die SAPD en die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling **moet dieselfde dag nog gekontak word**.

6.3 **Proses wat gevolg moet word in die geval van 'n beweerde misdryf teen 'n leerder deur 'n ander leerder**

(a) 'n Leerder-slagoffer kan 'n beweerde misdryf aan 'n ander kind/leerder openbaar (wat dit op hul beurt aan 'n opvoeder/werknemer kan openbaar), of die leerder-slagoffer kan die beweerde misdryf direk aan 'n opvoeder/werknemer openbaar.

(b) Die leerder-slagoffer moet nie kruisondervra word nie. Verkry slegs inligting wat van toepassing is vir aanmelding.

(c) Verduidelik die prosedure wat gevolg sal word, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede van elke belanghebber en waarom dit van belang is vir die proses.

(d) Stel die volgende rolspelers in kennis of meld dit by die volgende rolspelers aan sodra 'n leerder-slagoffer 'n beweerde misdryf openbaar maak:
 (i) **Verwittig** die ouers/voogde/versorgers van beide die leerder-slagoffer en die vermeende leerder-oortreder.
 (ii) **Meld** in die geval van 'n seksuele misdryf of aanranding met die opset om ernstig te beseer, die beweerde misdryf by die SAPD se GKS-eenheid of 'n Thuthuzela-sorgsentrum (TSS) (indien daar een binne die skool se jurisdiksie is) **aan**.
 (iii) **Verwittig** die kringgebaseerde maatskaplike werker by die betrokke distrikskantoor.
 (iv) **Meld** in die geval van kindermishandeling die beweerde misdryf by 'n aangewese maatskaplike werker **aan**.

(e) 'n Vermeende leerder-oortreder wat 'n ander leerder fisiek mishandel, behoort op die voorgeskrewe wyse by 'n aangewese maatskaplike werker of die SAPD aangemeld te word indien die fisieke mishandeling uit die volgende gedrag bestaan—
 (i) die gebruik van 'n gevaarlike voorwerp teen 'n ander leerder of werknemer;
 (ii) 'n daad van aanranding wat gepleeg word;
 (iii) die veiligheid van medeleerders of werknemers word bedreig of in gevaar gestel; en
 (iv) die leerder is herhaaldelik skuldig bevind aan die fisieke mishandeling van ander leerders.

(f) Indien die oortreding 'n skending is van die skool se gedragskode vir leerders, die *Regulasies betreffende die dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders in*

*openbare skole in die Wes-Kaap,* soos gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 6939, gedateer 15 Desember 2011, of enige ander wetgewing, behoort regsvoorskrifte ten opsigte van dissiplinêre verhore gevolg te word, soos in die bogenoemde regulasies uiteengesit.

(g) Die kringgebaseerde maatskaplike werker moet hulp verleen met die bestuur en leiding van die proses om te verseker dat albei leerders gedurende hierdie tydperk ondersteun word.

(h) Jong, vermeende oortreders moet ondersteun word. Sodanige ondersteuning behoort as 'n poging beskou te word om die vermeende leerder-oortreder daarvan te weerhou om verdere misdrywe te pleeg.

(i) Die vermeende leerder-oortreder moet na die betrokke rolspelers verwys word vir psigososiale ondersteuning.

(j) Dit is belangrik om toe te sien dat die aangewese maatskaplike werker en SAPD so gou moontlik betrokke raak, na gelang van die graad van die mishandeling.

(k) Die leerder-slagoffer/vermeende leerder-oortreder moet, waar van toepassing, deur die kringgebaseerde maatskaplike werker en kringgebaseerde sielkundige vir berading en/of sielkundige ondersteuning verwys word.

6.3.1 **Protokolle vir die bestuur van dissiplinêre maatreëls teen 'n vermeende leerder-oortreder**

(a) Die gedragskode vir leerders moet voorsiening maak vir die misdryf/misdrywe.

(b) Die dissiplinêre proses, ooreenkomstig die *Regulasies betreffende die dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders in openbare skole in die Wes-Kaap,* soos gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 6939, gedateer 15 Desember 2011 en artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig, kan slegs plaasvind indien 'n misdryf ingevolge die skool se gedragskode vir leerders of ander wetgewing gepleeg is.

(c) In 'n situasie waar die leerder-slagoffer en die vermeende leerder-oortreder dieselfde skool bywoon, mag die vermeende leerder-oortreder ingevolge artikel 9(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), as volg geskors word:

  (i) As 'n voorsorgmaatreël, en slegs op redelike gronde, indien die leerder van ernstige wangedrag, soos in artikel 9(1)(*a*) uiteengesit, beskuldig word, slegs nadat die leerder 'n redelike geleentheid gebied is om vertoë te rig.

  (ii) Onmiddellik en sonder vertoë, indien 'n leerder ingevolge artikel 9(1)(*b*) van ernstige wangedrag beskuldig word en formeel deur die SAPD aangekla is.

(d) Geen skorsing van 'n leerder mag sewe skooldae oorskry nie, tensy die skorsing ingevolge artikel 9(1B) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), met die goedkeuring van die Departementshoof verleng is.

(e) Ingevolge die Regulasies waarna in subparagraaf 6.3.1(*b*) en artikel 9(1A) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), verwys word, moet die beheerliggaam binne sewe dae ná die skorsing van 'n leerder dissiplinêre verrigtinge hou.

(f) Die vermeende leerder-oortreder se reg op 'n billike en redelike verhoor moet gestand gedoen word, wat insluit die reg om 'n saak te stel, om getuies te roep, te kruisondervra en om verteenwoordig te word.

(g) Hierdie beginsels geld ook vir die manier waarop argumente aangebied word.

(h) Beide die leerder-slagoffer en die vermeende leerder-oortreder het die reg op regsverteenwoordiging, indien hulle sou kies om sodanige verteenwoordiging te bekom.

(i) Wanneer daar op die mees gepaste straf (sanksie) besluit word, moet die volgende in ag geneem word:
   (i) Die ouderdom en ontwikkelingsfase van die vermeende leerder-oortreder.
   (ii) Die vermeende leerder-oortreder se dissiplinêre rekord en bereidheid om te verander.
   (iii) Die vermeende leerder-oortreder se berou en bereidheid om die misdryf reg te stel.
   (iv) Aanbevelings van professionele diensverskaffers wat die vermeende leerder-oortreder ondersteun.
   (v) Die erns van die oortreding, soos in artikel 9(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beoog.

(j) Prosedure na afloop van dissiplinêre verrigtinge:
   (i) Die beheerliggaam mag 'n leerder vir 'n maksimum tydperk van sewe skooldae skors, of mag enige ander sanksie, soos in die gedragskode beoog, oplê.
   (ii) In gevalle van ernstige wangedrag mag die beheerliggaam die uitsetting van die leerder uit die skool by die Departementshoof aanbeveel.
   (iii) Die Departementshoof moet binne 14 dae 'n besluit maak oor die uitsetting van 'n leerder uit die skool al dan nie.

(k) In gevolge artikel 9(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), mag 'n leerder of die ouer van 'n leerder wat uit 'n skool gesit is, binne 14 dae ná ontvangs van die uitsettingskennisgewing by die Provinsiale Minister van Onderwys teen die besluit van die Departementshoof appelleer.

(l) Indien 'n skoolpligtige leerder uit 'n skool gesit word, moet die Departementshoof ingevolge artikel 9(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), alternatiewe reëlings vir plasing van die leerder in 'n skool tref.

(m) Onthou altyd om in die beste belang van die kind op te tree.

## DIAGRAM 1
## AANMELDINGSPROSES: BEWEERDE MISDRYF TEEN ’N LEERDER DEUR ’N ANDER LEERDER

**’N BEWEERDE MISDRYF WORD AAN ’N LEERDER/OPVOEDER/ WERKNEMER/PRINSIPAAL OPENBAAR GEMAAK**

**MELD BEWEERDE MISDRYF AAN SOOS DEUR WETGEWING VEREIS**

**EKSTERNE ROETE: STRAFREGSTELSEL PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**SAPD/GKS-EENHEID/TSS/ AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER**

- **SAPD:**
  Klag word by SAPD aangemeld en SAPD ondersoek klag.
- **GKS-EENHEID:**
  ’n Eenheid in die SAPD wat seksuele misdrywe teen kinders beveg.
- **TSS:**
  Lewer slagoffer-gesentreerde dienste in die vorm van kliniese forensiese, psigososiale en ander relevante dienste.
- **AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER:**
  Ontvang Vorm 22, ondersoek die inligting in hierdie aangewese vorm en verseker die veiligheid van die leerder-slagoffer.

**VERWITTIG VAN BEWEERDE MISDRYF SODAT ONDERSTEUNING GEBIED KAN WORD**

**INTERNE ROETE: WKOD PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**KRINGGEBASEERDE MAATSKAPLIKE WERKER / KRINGGEBASEERDE SIELKUNDIGE**

**Leerder-slagoffer en ouer/voog/ versorger**

**Vermeende leerder-oortreder en ouer/voog/ versorger**

**Volg die beheerliggaam se dissiplinêre proses ingevolge gedragskode vir leerders.**

**Verskaf die volgende:**
- Emosionele ondersteuning.
- Leiding aan ouers/voogde/versorgers.
- Verwysing vir bykomende ondersteuning.

6.4 **Proses wat gevolg moet word in die geval van 'n beweerde misdryf teen 'n leerder deur 'n werknemer**

6.4.1 **Protokolle vir die bestuur van dissiplinêre maatreëls teen 'n werknemer as vermeende oortreder**

| |
|---|
| *Om die mishandeling van kinders deur opvoeders, WKOD-werknemers of lede van beheerliggame te voorkom, is klaring, soos beskryf in hierdie protokol, asook Omsendbrief 0022/2020, gedateer 25 Maart 2020, en Omsendbrief 0001/2023, gedateer 03 Maart 2023, verpligtend vir enige persoon wat toegang het tot leerders. Opvoeders en werknemers wat in diens van die WKOD en beheerliggaam is, moet 'n klaringsproses deurloop, soos uiteengesit in Bylaes J, K en L.* |

(a) 'n Leerder-slagoffer kan 'n beweerde misdryf aan 'n ander kind/leerder (wat op hul beurt die beweerde misdryf aan 'n opvoeder/werknemer openbaar kan maak) openbaar maak, of die leerder-slagoffer kan 'n beweerde misdryf direk aan 'n opvoeder/werknemer openbaar maak.

(b) Die leerder-slagoffer moet nie kruisondervra word nie. Slegs inligting wat van toepassing is op aanmelding, mag verkry word.

(c) Verduidelik die prosedure wat gevolg sal word, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede van elke belanghebber en die rede waarom hulle van belang is vir die proses.

(d) Sodra die beweerde misdryf openbaar gemaak is, moet die volgende rolspelers daarvan in kennis gestel word of moet dit by hulle aangemeld word:

   (i) **Verwittig** die ouers/voogde/versorgers van die leerder.

   (ii) **Meld** in die geval van 'n seksuele misdryf of aanranding met die opset om ernstig te beseer, die beweerde misdryf by die SAPD se GKS-eenheid of 'n Thuthuzela-sorgsentrum (TSS) (indien daar een binne die skool se jurisdiksie is) **aan.**

   (iii) **Meld** dit by die Direktoraat: Werknemerverhoudinge of die beheerliggaam **aan** in gevalle waar die vermeende werknemer-oortreder deur die beheerliggaam in diens geneem is.

   (iv) **Verwittig** die kringgebaseerde maatskaplike werker by die betrokke distrikskantoor.

   (v) **Meld** in die geval van kindermishandeling die beweerde misdryf by 'n aangewese maatskaplike werker **aan**.

6.4.2 **Die volgende het betrekking op die WKOD-proses:**

(a) Indien die openbaarmaking van 'n beweerde misdryf toon dat die prinsipaal die vermeende werknemer-oortreder is, moet die opvoeder/werknemer aan wie die beweerde misdryf openbaar gemaak is die kringgebaseerde maatskaplike werker daarvan in kennis stel en dit by die Direktoraat: Werknemerverhoudinge aanmeld, en alle dokumente wat met die aanmelding verband hou, aan hulle stuur sodat hulle kan help om die proses te bestuur.

(b) Die opvoeder/werknemer/prinsipaal aan wie die beweerde misdryf openbaar gemaak is, mag nie die vermeende werknemer-oortreder van die klag in kennis stel

of hom/haar daaroor konfronteer voordat daar nie met 'n werknemerverhoudingebeampte in aanraking gekom is nie.

(c) Die kringgebaseerde maatskaplike werker sal die Direktoraat: Werknemerverhoudinge help om die proses te rig en te bestuur.

(d) Moenie 'n vergadering met die leerder-slagoffer en vermeende werknemer-oortreder belê nie.

(e) Geen opvoeder/werknemer/prinsipaal mag 'n leerder-slagoffer ondervra, herondervra, ignoreer, isoleer of intimideer nie, aangesien dit sal verhoed dat die reg sy gang gaan. Sodanige werknemer sal strafregtelik aangekla word, en dit kan tot 'n dissiplinêre verhoor of ontslag lei.

(f) Indien die vermeende werknemer-oortreder deur die beheerliggaam in diens geneem is, behoort die genoemde werkgewer uitvoering te gee aan die voorwaardes van die dienskontrak. (Verwys na Bylae H.)

(g) Waar die vermeende werknemer-oortreder in diens is van die beheerliggaam, sal 'n verhoor deur die beheerliggaam gehou word.

(h) Beide die vermeende werknemer-oortreder en die leerder-slagoffer is geregtig op verteenwoordiging. (Die vermeende werknemer-oortreder is geregtig op 'n regsverteenwoordiger of verteenwoordiger van 'n vakbond. Die vermeende leerder-slagoffer sal deur die Direktoraat: Werknemerverhoudinge verteenwoordig word.)

(i) Tussenganger- en ondersteuningsdienste moet benut word om die leerder-slagoffer by te staan wanneer getuienis gelewer word tydens die verhoor van die WKOD en die beheerliggaam (ooreenkomstig RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms 3 van 2018, gedateer 25 September 2018).

(j) Maak voorsiening vir afsonderlike sitplekke om kontak tussen die leerder-slagoffer en vermeende werknemer-oortreder te vermy.

(k) Neem tydens die ondervraging die leerder-slagoffer se ontwikkelingsouderdom, taalvoorkeur, emosionele welstand, aandagspan, kognitiewe vermoë, die behoefte aan gereelde ruspouses, en tyd van die onderhoud of verhoor in aanmerking.

(l) Lyfstraf behoort ook as fisieke en emosionele mishandeling beskou te word, en moet daarom ooreenkomstig hierdie protokol hanteer word.

6.4.3 **Lyfstraf**

(a) Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), is lyfstraf verbode.

(b) Artikel 10 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), lui:

"(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie; (2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word."

(c) Omsendbrief 0012/2019, gedateer 09 Maart 2019, omskryf lyfstraf as "enige doelbewuste handeling teen 'n kind wat pyn of fisieke ongemak veroorsaak om hom/haar te bedwing. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot die tugtiging, klap, knyp of slaan van 'n kind met die hand of enige ander voorwerp; ontsegging of beperking van 'n kind se gebruik van die toilet; ontsegging van etes, vloeistof, hitte of skuiling; stoot of trek van 'n kind met geweld; dwing van 'n kind om oefeninge te doen. Dit gaan dus nie net oor die gebruik van 'n rottang nie, maar verwys ook na 'n aanval op 'n persoon (leerder) op enige ander wyse."

# DIAGRAM 2
## AANMELDINGSPROSES: BEWEERDE MISDRYF TEEN 'N LEERDER DEUR 'N WERKNEMER

**'N BEWEERDE MISDRYF WORD AAN 'N LEERDER/OPVOEDER/ WERKNEMER/PRINSIPAAL OPENBAAR GEMAAK**

**MELD BEWEERDE MISDRYF AAN SOOS DEUR WETGEWING VEREIS**

**EKSTERNE ROETE: STRAFREGSTELSEL PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**SAPD/GKS-EENHEID/ TSS/AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER**

- **SAPD:**
  Klag word by SAPD aangemeld en SAPD ondersoek klag.
- **GKS-EENHEID:**
  'n Eenheid in die SAPD wat seksuele misdrywe teen kinders beveg.
- **TSS:**
  Lewer slagoffer-gesentreerde dienste in die vorm van kliniese forensiese, psigososiale en ander relevante dienste.
- **AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER:**
  Ontvang Vorm 22, ondersoek die inligting in hierdie aangewese vorm en verseker die veiligheid van die leerder-slagoffer.

**MELD AAN BY DIE DIREKTORAAT: WERKNEMER-VERHOUDINGE / BEHEERLIGGAAM VIR INTERNE ONDERSOEK**

**VERWITTIG VAN BEWEERDE MISDRYF SODAT ONDERSTEUNING GEBIED KAN WORD**

**INTERNE ROETE: WKOD PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**KRINGGEBASEERDE MAATSKAPLIKE WERKER**

**Verskaf die volgende aan die leerder-slagoffer en ouers/voogde/ versorgers:**

- Emosionele ondersteuning.
- Leiding.
- Verwysing vir bykomende ondersteuning.

6.5 **Proses wat gevolg moet word in die geval van ’n beweerde misdryf teen ’n leerder deur ’n ouer/voog/versorger, familielid of gemeenskapslid**

(a) ’n Leerder-slagoffer kan ’n beweerde misdryf aan ’n ander kind/leerder (wat op hul beurt die beweerde misdryf aan ’n opvoeder/werknemer openbaar kan maak) openbaar maak, of die leerder-slagoffer kan ’n beweerde misdryf direk aan ’n opvoeder/werknemer openbaar maak.

(b) Die leerder-slagoffer moet nie kruisondervra word nie. Verkry slegs inligting wat van toepassing is vir aanmelding.

(c) Verduidelik die prosedure wat gevolg sal word, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede van elke belanghebber en die rede waarom hulle van belang is vir die proses.

(d) Stel die volgende rolspelers in kennis of meld dit by die volgende rolspelers aan sodra ’n leerder-slagoffer ’n beweerde misdryf openbaar maak:
   (i) **Verwittig** die leerder se ouers/voogde/versorgers wat nie die vermeende oortreders is nie.
   (ii) **Meld** in die geval van ’n seksuele misdryf of aanranding met die opset om ernstig te beseer, die beweerde misdryf by die SAPD se GKS-eenheid of ’n Thuthuzela-sorgsentrum (TSS) (indien daar een binne die skool se jurisdiksie is) **aan.**
   (iii) **Verwittig** die kringgebaseerde maatskaplike werker by die betrokke distrikskantoor.
   (iv) **Meld** in die geval van kindermishandeling die beweerde misdryf by ’n aangewese maatskaplike werker **aan**.

(e) Die persone wat die leerder-slagoffer bystaan, behoort hulle ook, in sekere omstandighede, by te staan met die aansoek om ’n beskermingsbevel.

(f) Dit behoort onder die aandag van die aangewese maatskaplike werker gebring te word sodat die leerder-slagoffer bygestaan kan word tydens hierdie proses.

(g) Die skool moet help om die veiligheid van die leerder-slagoffer te verseker deur met die aangewese maatskaplike werker of ander kinderbeskermingsagentskappe te kommunikeer sodat die leerder-slagoffer na ’n plek van veiligheid of ’n familielid gestuur kan word indien dit as onveilig beskou word vir die leerder-slagoffer om terug te keer huis toe.

(h) Die skool (opvoeders/werknemers/prinsipaal) moet deurlopende emosionele ondersteuning aan die leerder-slagoffer bied en die leerder-slagoffer se sosiale, emosionele en akademiese funksionering monitor.

(i) Verskaf gereelde terugvoer aan die aangewese maatskaplike werker.

(j) Reël vir bykomende akademiese ondersteuning, indien nodig.

# DIAGRAM 3

## AANMELDINGSPROSES: BEWEERDE MISDRYF TEEN ’N LEERDER DEUR ’N OUER/VOOG/VERSORGER, FAMILIELID OF GEMEENSKAPSLID

**’N BEWEERDE MISDRYF WORD AAN ’N LEERDER/OPVOEDER/ WERKNEMER/PRINSIPAAL OPENBAAR GEMAAK**

**MELD BEWEERDE MISDRYF AAN SOOS DEUR WETGEWING VEREIS**

**EKSTERNE ROETE: STRAFREGSTELSEL PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**SAPD/GKS-EENHEID/TSS/ AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER**

- **SAPD:**
  Klag word by SAPD aangemeld en SAPD ondersoek klag.
- **GKS-EENHEID:**
  ’n Eenheid in die SAPD wat seksuele misdrywe teen kinders beveg.
- **TSS:**
  Lewer slagoffer-gesentreerde dienste in die vorm van kliniese forensiese, psigososiale en ander relevante dienste.
- **AANGEWESE MAATSKAPLIKE WERKER:**
  Ontvang Vorm 22, ondersoek die inligting in hierdie aangewese vorm en verseker die veiligheid van die leerder-slagoffer.

**VERWITTIG VAN BEWEERDE MISDRYF SODAT ONDERSTEUNING GEBIED KAN WORD**

**INTERNE ROETE: WKOD PROSES WAT GEVOLG MOET WORD**

**KRINGGEBASEERDE MAATSKAPLIKE WERKER**

**Verskaf die volgende aan die leerder-slagoffer en ouers/ voogde/versorgers:**

- Emosionele ondersteuning.
- Leiding.
- Verwysing vir bykomende ondersteuning.

## 7. Rolspelers


7.1 Die kringgebaseerde maatskaplike werker by die distrikskantoor sal die opvoeder/werknemer/prinsipaal aan wie 'n beweerde misdryf openbaar gemaak is, bystaan om oor die betrokkenheid van ander tersaaklike agentskappe te besluit, byvoorbeeld:

(a) Die leerder-slagoffer se ouers/voogde/versorgers, op voorwaarde dat hulle nie die vermeende oortreders is nie
(b) In die geval van 'n seksuele misdryf of aanranding met die opset om ernstig te beseer, die SAPD se GKS-eenheid of TSS (indien daar een binne die skool se jurisdiksie is)
(c) Die Direktoraat: Werknemerverhoudinge, indien WKOD-werknemers die vermeende oortreders is
(d) Die beheerliggaam van 'n skool indien die vermeende werknemer-oortreder in diens van die beheerliggaam is
(e) Die kringgebaseerde maatskaplike werker
(f) Die kringgebaseerde sielkundige
(g) Die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of aangewese kindersbeskermingsorganisasies
(h) Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand.

### 7.2 Verantwoordelikhede van die betrokke rolspelers

7.2.1 Die doeltreffende hantering van kindermishandeling vereis 'n multisektorale en multidissiplinêre benadering om op holistiese wyse in die klaer (leerder-slagoffer) se behoeftes te voorsien. Die Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, 2020 moedig hierdie benadering aan om geslagsgebaseerde geweld teen kinders in ons skole beter te bestuur. Die NSP oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, 2020 doen ook 'n beroep op beter dienslewering, en derhalwe die klem op 'n multisektorale en multidissiplinêre benadering.

7.2.2 Die doeltreffende bestuur van mishandeling is daarom afhanklik van medewerking, koördinering en samewerking tussen die verskillende rolspelers en diensverskaffers gedurende die intervensieproses, en elke inrigting behoort 'n manier te formuleer waarop daar doeltreffend met almal van hulle geskakel kan word.




7.2.3 **Suid-Afrikaanse Polisiediens**

(a) Klag word by SAPD gelê en hulle ondersoek die klag.
(b) Verkry beëdigde verklarings van die klaer (leerder-slagoffer), sy/haar ouers/voogde/versorgers en ander tersaaklike getuies.
(c) Neem die vermeende oortreder(s) in hegtenis.
(d) Neem leerder-slagoffer vir 'n mediese ondersoek, waar van toepassing.
(e) Neem die aangeklaagde binne 48 uur ná die arrestasie of, in die geval van 'n minderjarige, 24 uur ná arrestasie, hof toe.

7.2.4 **Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand**

(a) Doen 'n forensiese mediese ondersoek in die geval van 'n seksuele misdryf.
(b) Doen toepaslike toetse, soos MIV-toets en swangerskapstoets.
(c) Meld swangerskappe van minderjariges by die SAPD en provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan.
(d) Versamel forensiese bewyse wat in 'n hofsaak gebruik sal word.
(e) Verskaf medikasie om die gesondheid van die leerder-slagoffer te beskerm.
(f) Doen verslag van alle bevindinge in 'n regsgeneeskundige dokument (J88) tesame met 'n meegaande 212(4)-beëdigde verklaring.

7.2.5 **Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling**

(a) Beskerm kinders deur middel van die kommissarisse van kinderhowe van verdere mishandeling deur 'n bevel van die kinderhof.

(b) Beskerm kinders deur middel van beskermingsbevele (interdikte) teen mishandeling.

(c) Maak toepaslike howe beskikbaar sodat oortreders voor die hof gedaag kan word.

(d) Dagvaar getuies om in die hof te getuig.

(e) Maak tolke beskikbaar sodat die verrigtinge kan plaasvind in die leerder-slagoffer en vermeende oortreder se voorkeurtaal.

7.2.6 **Maatskaplike werkers van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en aangewese kinderbeskermingsorganisasies**

(a) Verseker die veiligheid van die leerder-slagoffer.

(b) Ondersoek die voorval waar hulle verplig is om dit te doen, en stel 'n verslag saam vir die kinderhof of strafhof.

(c) Verskaf onmiddellike traumaberading en/of langtermynberading, regstreeks of deur middel van 'n nieregeringsorganisasie.

(d) Verleen hulp deur die leerder-slagoffer en sy/haar ouers voor te berei op die hofprosedures.

(e) Lewer herenigingsdienste aan die leerder-slagoffer en sy/haar familie.

7.2.7 **Nasionale Vervolgingsgesag**

(a) Verleen hulp deur middel van TSS (indien daar een binne die skool se jurisdiksie is).

(b) TSS'e verwys na eenstopsentrums wat by gesondheidsorgfasiliteite gebaseer is en wat slagoffer-gesentreerde dienste in die vorm van kliniese forensiese, psigososiale en ander tersaaklike dienste op 'n multidissiplinêre wyse aan slagoffers van geslagsgebaseerde geweld lewer.

(c) Maak opgeleide en vaardige aanklaers beskikbaar om die saak se staat voor die hof te stel.

(d) Konsulteer ter voorbereiding vir die hofsaak met die leerder-slagoffer.

(e) Aanklaers stel leerder-slagoffers in kennis van die beskermende maatreëls wat by die hof beskikbaar is

(f) Hofvoorbereidingsbeamptes wat in diens van die Nasionale Vervolgingsgesag is, help om leerder-slagoffers vir die hofproses voor te berei.

7.2.8 **Direktoraat: Werknemerverhoudinge**

(a) Ondersoek alle klagtes, en verseker dat die leerder-slagoffer se veiligheid, privaatheid en vertroulikheid te alle tye gehandhaaf word.

(b) Skors 'n WKOD-werknemer wat 'n vermeende oortreder is onmiddellik as 'n voorsorgmaatreël in gevalle waar daar voldoende bewyse is om dit te doen.

(c) Kla die WKOD-werknemer aan.

(d) Gaan voort met 'n dissiplinêre ondersoek op 'n wyse wat die belange en die spesiale behoeftes van die leerder-slagoffer(s) en ander kindergetuie(s) beskerm.

7.2.9 **Beheerliggaam**

(a) Verleen hulp met 'n ondersoek en verhoor betreffende die bewering(s) van mishandeling (seksuele mishandeling of ander vorme van mishandeling) deur 'n werknemer.

(b) Roep so gou moontlik 'n verhoor byeen en maak 'n besluit rakende die beëindiging van die indiensnemingskontrak van sodanige werknemer na gelang van die uitslag van die verhoor.

8. **Hersiening**

Hierdie protokol is aan hersiening onderworpe wanneer die behoefte ontstaan of in die geval van veranderde omstandighede, soos uitsprake ingevolge wetgewing en/of regulasies, wysigings aan beleide en begrotingsbeperkings.

| |
|---|
| Ek, ……………………………..…………………… (naam), Hoof van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, keur hiermee die *Stop Misbruik-protokol, 2025*, goed.<br><br>…………………..……………………………………..………………………….(handtekening)<br><br>….……………………………………………… (datum) |

## Stop Misbruik-protokol
## Belangrike kontakbesonderhede

| **WKOD-kontakbesonderhede** | |
|---|---|
| WKOD Hoofkantoor | 0861 819 919 |
| WKOD se inbelsentrum vir Veilige Skole | 0800 45 46 47 |
| Werknemergesondheid-en-welstandsprogram | 0800 111 011 |
| Direktoraat: Werknemerverhoudinge | 021 467 2849/6 |
| Metro-Noord-distrikskantoor | 021 938 3000 |
| Metro-Sentraal-distrikskantoor | 021 514 6700 |
| Metro-Suid-distrikskantoor | 021 370 2000 |
| Metro-Oos-distrikskantoor | 021 900 7000 |
| Weskus-distrikskantoor | 021 860 1200 |
| Kaapse Wynland-distrikskantoor | 023 348 4600 |
| Overberg-distrikskantoor | 028 214 7300 |
| Eden en Sentraal-Karoo-distrikskantoor | 044 803 8300 |
| | |
| | |
| **Ander belangrike tolvrye nommers** | |
| Suid-Afrikaanse Polisiediens | 10111 |
| Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 0800 220 250 |
| Kinderlyn | 116 |
| Bevelsentrum vir geslagsgebaseerde geweld | 0800 428 428 |
| Blitslyn vir Mensehandel | 0800 222 777 |
| Suid-Afrikaanse Depressie-en-angsgroep (SADAG) | 0800 567 567 |
| Hulplyn vir Kaapse Geestesgesondheid | 0800 456 789 |
| | |

## Databasis van plaaslike ondersteuningsdienste

### Distrikskantoorondersteuning (kringspan)

| Amptenaar | Naam | Telefoonnommer (kantoor) | Selfoonnommer |
|---|---|---|---|
| Kringgebaseerde maatskaplike werker | | | |
| Kringgebaseerde sielkundige | | | |
| Kringbestuurder | | | |

### Gemeenskapsondersteuning

| Organisasie of departement | Naam van kontakpersoon | Telefoonnommer (kantoor) | Selfoonnommer |
|---|---|---|---|
| SAPD | | | |
| Toesighouer van maatskaplike werkers by Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | | | |
| Aangewese kinderbeskermings-organisasie (bv., Kinderwelsyn, ACVV, Badisa, ens.) | | | |
| GKS-eenheid | | | |
| NRO | | | |
| Daghospitaal / gesondheidskliniek / TSS | | | |

FORM 22

## REPORTING OF ABUSE OR DELIBERATE NEGLECT OF CHILD
(Regulation 33)
[SECTION 110 OF THE CHILDREN'S ACT 38 OF 2005]

**REPORTING OF ABUSE TO PROVINCIAL DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT, DESIGNATED CHILD PROTECTION ORGANISATION OR POLICE OFFICIAL**

**NOTE: A SEPARATE FORM MUST BE COMPLETED FOR EACH CHILD**

TO: The Head of the Department

-----------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------

Pursuant to section 110 of the Children's Act, 2005, and for purposes of section 114(1)(*a*) of the Act, you are hereby advised that a child has been abused in a manner causing physical injury/ sexually abused/ deliberately neglected or is in need of care and protection.

**Source of report (do not identify person)** ☐ **Victim** ☐ **Relative** ☐ **Parent**

☐ **Neighbour** ☐ **friend** ☐ **Professional (specify)** ..........................................................

☐ **Other (specify)** ..........................................................................................................

| **Date Reported to child protection organisation:** | **DD** | **MM** | **CCYY** |
|---|---|---|---|
| | | | |

**1. INFORMANT: (DETAILS OF PERSON WHO REPORTS ALLEGED ABUSE)**

| **Surname** | | | **Full name(s)** | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **Gender:** | **M** | **F** | **Date of Birth:** | **DD** | **MM** | **CCYY** |
| | | | | | | |
| **Age / Estimated Age:** | | | **Relationship to Child:** | | | |
| *** ID no:** | | | *** Passport no:** | | | |
| **Contact no:** | | | | | | |

**2. CHILD: (COMPLETE PER CHILD)**

| **Surname** | | | **Full name(s)** | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **Gender:** | **M** | **F** | **Date of Birth:** | **DD** | **MM** | **CCYY** |
| | | | | | | |
| **School Name:** | | | **Grade:** | | **Age / Estimated Age:** | |
| *** ID no:** | | | *** Passport no:** | | | |
| **Contact no:** | | | | | | |

**3. PARENTS OF CHILD (If other than above)**

| **Surname: Father / Step-father** | | | | **Full name(s)** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **Date of Birth:** | **DD** | **MM** | **CCYY** | **Gender:** | **M** | **F** |
| | | | | | | |
| **ID number:** | | | | **Age:** | | |

1

| Surname: Mother / Step-mother | | | | Full name(s) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Date of Birth: | DD | MM | CCYY | Gender: | M | F |
| | | | | | | |
| ID number: | | | | Age: | | |
| Names and ages of siblings or other children if helpful for tracking | | | | | | |

| Surname | Full names | Age/Date of birth |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

| Street Address (include postal code): | Postal Code: |
|---|---|
| | |

| 4. CAREGIVER INFORMATION (If not same as trusted person or parent(s) of child) | |
|---|---|
| Surname: | Name: |
| Physical Address: | Postal address |
| Relationship to child: | |
| Telephone number: | Mobile: |

| 5. NATURE OF REPORT |
|---|
| ☐ Child abuse ☐ Child labour ☐ Child trafficking ☐Child living and begging on the street |
| ☐ Commercial sexual exploitation ☐ Exploited children☐ Child abduction |

| 6. OTHER INTERVENTION – CONTACT PERSON TRUSTED BY CHILD | |
|---|---|
| Surname: | Name: |
| Physical address: | Telephone number: |
| Other children interviewed: ☐ Yes ☐ No Number: | |

| 7. ALLEGED PERPETRATOR | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7.1) Surname | | | | Full Name(s) | | |
| Date of Birth: | DD | MM | CCYY | Gender: | M | F |
| | | | | | | |

2

| ID No: | Age: |
|---|---|
| * Passport No: | * Drivers license number: |
| Also known as: | Relationship to child:<br>☐ Father ☐ Mother ☐ Grandfather<br>☐ Grandmother ☐ Step father ☐ Step mother<br>☐ Foster father ☐ Aunt ☐ Uncle<br>☐ Foster mother ☐ Sibling ☐ Caregiver<br>☐ Professional: social worker/police officer/teacher/caregiver/priest/dr/ volunteer<br>☐ Other (specify)Other (specify) |
| Street Address (include postal code):<br><br>Postal Code: | |

7.2) WHEREABOUTS OF ALLEGED PERPETRATOR:

☐ Section 153 (Request for removal by SAPS) ☐ Still in home

☐ In hospital (Name/Place..........................................................................................)

☐ In detention (Name/Place.......................................................................................)

☐ Living somewhere else (Address..............................................................................)

☐ Whereabouts unknown ☐ Un-identified

**8. ABUSE**

| Date of Incident: | | | If date unknown (mark with X here): | Episodic | | Reported to CPR: | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DD | MM | CCYY | | Yes | No | DD | MM | CCYY |
| | | | | | | | | |

Place of incident: ☐ Child's home ☐ Field ☐ Tavern ☐ School

☐ Friend's place ☐ After school centre ☐ ECD Centre ☐ Neighbour ☐ Private hostel

☐ Child and youth care centre ☐ Foster home ☐ Temporary safe care

☐ temporary respite care ☐ Other (specify)

**8.1) TYPE OF ABUSE (Tick only the one that indicates the key motive of intent)**

| Physical | Emotional | Sexual | Deliberate neglect |
|---|---|---|---|

**8.2) INDICATORS (Check any that apply)**

***PHYSICAL:*** ☐ Abrasions ☐ Bruises ☐ Burns/Scalding ☐ Fractures

☐ Other physical illness ☐ Cuts ☐ Welts

☐ Repeated injuries ☐ Fatal injury (date of death)

3

| | | |
|---|---|---|
| ☐ Injury to internal organs | ☐ Head injuries | ☐ No visible injuries (elaborate) |
| ☐ Poisoning (specify) | ☐ Other Behavioral or physical (specify) | |

***EMOTIONAL:*** ☐ Withdrawal ☐ Depression ☐ Self destructive aggressive behaviour

☐ Corruption through exposure to illegal activities ☐ Deprivation of affection

☐ Exposure to anti-social activities ☐ Exposure to family violence

☐ Parent or care giver negative mental condition ☐ Inappropriate and continued criticism

☐ Humiliation ☐ Isolation ☐ Threats ☐ Development Delays ☐ Oppression

☐ Rejection ☐ Accusations ☐ Anxiety ☐ Lack of cognitive stimulation

☐ Mental, emotional or developmental condition requiring treatment (specify)

***SEXUAL:*** ☐ Contact abuse ☐ Rape ☐ Sodomy

☐ Masturbation ☐ Oral sex area ☐ Molestation

☐ Non-contact abuse (flashing, peeping) ☐ Irritation, pain, injury to genital

☐ Other indicators of sexual molestation or exploitation (specify)

***DELIBERATE NEGLECT:*** ☐ Malnutrition ☐ Medical ☐ Physical ☐ Educational

☐ Refusal to assume parental responsibility ☐ Neglectful supervision ☐ Abandonment

☐ Child living and begging on the street

8.3) Indicate overall degree of risk to child:

☐ Mild ☐ Moderate ☐ Severe ☐ Unknown

8.4) Where applicable, tick the secondary type of abuse or multiple abuse: ☐ Yes ☐ No

| Sexual | Physical | Emotional | Deliberate Neglect |
|---|---|---|---|

Brief explanation of occurrence(s) (including a statement describing frequency and duration)

| |
|---|
| |
| |
| |

**9. MEDICAL INTERVENTION (*)**

| Examined by: | Treatment received: | Where (name of hospital, clinic, private doctor): | Hospitalised: |
|---|---|---|---|
| ☐ Doctor | ☐ Yes | | ☐ For assessment |
| ☐ Reg. Nurse | ☐ No | | ☐ For treatment |

4

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ☐ As temporary safe care (place of safety) |
| Contact person: | Contact person: | Contact person: | Contact person: |
| Telephone No: | Telephone No: | Telephone No: | Telephone No: |

| 10. CHILDREN'S COURT INTERVENTION (*) | | | |
|---|---|---|---|
| Removal of child to temporary safe care (Section 152): ☐ Yes ☐ No | Date | | |
| | MM | DD | CCYY |

| 11. SAPS: (ACTION RELATED TO ALLEGED ABUSER(S)) – (*) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Reported to SAPS: ☐ Yes ☐ No | Charges laid: ☐ Yes ☐ No | Date | | |
| | | DD | MM | CCYY |
| CASE NR | Police Station | | Telephone Nr | |
| Name of Police Officer | Rank of Police Officer | | | |

| 12. CHILD KNOWN TO DESIGNATED CHILD PROTECTION ORGANISATION (DCPO)/ SOCIAL DEVELOPMENT (DSD)? | | |
|---|---|---|
| 12.1) Child known to DCPO/DSD: ☐ Yes ☐ No | | |
| Name of DCPO/DSD Office: | Contact number | Reference number |
| | | |

| 13. DETAILS OF PERSON WHO REPORTS ALLEGED ABUSE (Refers to a professional or mandatory obliged to report child abuse in terms of Section 110(1)) | | |
|---|---|---|
| Surname: | Name: | Name of employer: |
| CAPACITY | | |
| Employer Address | Work Telephone Nr | Fax Number |
| Email Address | | |

(*) = Complete if information is available or applicable

5

**I declare that the particulars set out in the above mentioned statement are true and correct to the best of my knowledge.**

**Signature of official:** ______________________________________________

**Date:** ______________________________________________________________

| **Official Stamp** |
| --- |
| |

6

## Misdrywe teen kinders en persone met verstandelike gestremdhede

**Hoofstuk 2 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Ander Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verwys na algemene misdrywe wat van toepassing is op volwassenes, kinders en persone met verstandelike gestremdhede wat as klaers optree:**

| | |
|---|---|
| Artikel 3 | Verkragting |
| Artikel 4 | Gedwonge verkragting |
| Artikel 5(1) en (2) | Seksuele aanranding |
| Artikel 6 | Gedwonge seksuele aanranding |
| Artikel 7 | Gedwonge self-seksuele aanranding |
| Artikel 11A | Skadelike openbaarmaking van pornografie |
| Artikel 12(1)(*a*) | Bloedskande (seksuele penetrasie) |
| Artikel 12(1)(*b*) | Bloedskande (seksuele skending) |
| Artikel 14A | Seksuele intimidasie |

**Hoofstuk 3 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Ander Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verwys spesifiek na misdrywe waarby kinders betrokke is:**

| | |
|---|---|
| Artikel 15 | Handelinge van instemmende seksuele penetrasie met sekere kinders |
| Artikel 16 | Handelinge van instemmende seksuele skending met sekere kinders |
| Artikel 17(1) | Seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 17(2) | Betrokkenheid by die seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 17(3)(*a*)–(*b*) | Bevordering van die seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 17(4) | Voordeeltrekking uit die seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 17(5) | Leef van die opbrengs van die seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 17(6)(*a*)–(*b*) | Bevordering van sekstoere met kinders |
| Artikel 17(7) | Verkondiging, advertering, aanmoediging of bevordering van die seksuele uitbuiting van 'n kind |
| Artikel 18(1) | Bevordering van seksuele aanvoring van kinders |
| Artikel 18(2) | Seksuele aanvoring van 'n kind |
| Artikel 19 | Blootstelling of vertoon of veroorsaking van blootstelling van vertoon van kinderpornografie of pornografie aan 'n kind |
| Artikel 19A(1) | Skep, maak of vervaardiging van kinderpornografie op enige wyse anders as om 'n kind vir kinderpornografie te gebruik soos in artikel 20(1) beoog |
| Artikel 19A(2) | Om behulpsaam te wees met die skep, maak of vervaardiging van kinderpornografie of dit te fasiliteer |
| Artikel 19A(3) | Besit van kinderpornografie |
| Artikel 19A(4) | Wederregtelike verspreiding, beskikbaarstelling, oorsending van kinderpornografie of aanbod om kinderpornografie te koop, verkoop, aanbod om kinderpornografie te verkry, verkryging van kinderpornografie, verkryging van toegang tot kinderpornografie, aflaai of besigtiging van kinderpornografie |

| | |
|---|---|
| Artikel 19A(5) | Wederregtelike verlening van bystand of fasilitering van die verspreiding, beskikbaarstelling van kinderpornografie, die oorsending, aanbod om kinderpornografie te koop of te verkoop, aanbod om kinderpornografie te verkry, verkryging van kinderpornografie, verkryging van toegang tot kinderpornografie, aflaai of besigtiging van kinderpornografie |
| Artikel 19A(6) | Wederregtelike verwerking of fasilitering van 'n finansiële transaksie, wetende dat daardie transaksie 'n oortreding van artikels 19A(1) tot (5) sal fasiliteer |
| Artikel 20(1) | Gebruik van 'n kind vir kinderpornografie |
| Artikel 20(2) | Voordeeltrekking uit kinderpornografie |
| Artikel 20(3) | Wederregtelike bywoning, besigtiging of deelname aan 'n vertoning wat kinderpornografie behels |
| Artikel 20(4)(*a*) | Wederregtelike werwing van 'n kind met die doel om kinderpornografie te skep, te maak of te vervaardig |
| Artikel 20(4)(*b*) | Wederregtelike werwing van 'n kind met die doel van deelname aan 'n regstreekse uitvoering wat kinderpornografie behels |
| Artikel 21(1) | Dwang of veroorsaking van 'n kind om seksuele misdrywe waar te neem |
| Artikel 21(2) | Dwang of veroorsaking van 'n kind om seksuele dade waar te neem |
| Artikel 21(3) | Dwang of veroorsaking van 'n kind om self-masturbasie waar te neem |
| Artikel 22 | Blootstelling of vertoon of veroorsaking van blootstelling van vertoon van geslagsorgane, anus of vroulike borste aan 'n kind |

**Hoofstuk 4 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Ander Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verwys spesifiek na misdrywe waarby persone met verstandelike gestremdhede betrokke is:**

| | |
|---|---|
| Artikel 23(1) | Seksuele uitbuiting van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 23(2) | Betrokkenheid by die seksuele uitbuiting van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 23(3)(*a*)–(*b*) | Bevordering van die seksuele uitbuiting van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 23(4) | Voordeeltrekking uit die seksuele uitbuiting van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 23(5) | Leef van die opbrengs van die seksuele uitbuiting van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 23(6)(1–2) | Bevordering van sekstoere met persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 24(1) | Bevordering van seksuele aanvoring van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 24(2) | Seksuele aanvoring van persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 25 | Blootstelling of vertoon of veroorsaking van blootstelling van vertoon van kinderpornografie of pornografie aan persone met verstandelike gestremdhede |
| Artikel 26(1) | Die gebruik van persone met verstandelike gestremdhede vir pornografiese doeleindes |

| | |
|---|---|
| Artikel 26(2) | Voordeeltrekking uit die gebruik van persone met verstandelike gestremdhede vir pornografiese doeleindes |

**Hoofstuk 7 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Ander Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verwys na die volgende misdrywe:**

| | |
|---|---|
| Artikel 54(2) | Versuim om onmiddellik kennis van, redelike oortuiging of vermoede dat 'n seksuele misdryf teenoor 'n kwesbare persoon, soos in artikel 40 omskryf, gepleeg is, aan te meld |
| Artikel 54(3) | Versuim om so gou moontlik enige kennis van die pleeg van enige misdryf in artikel 19A by die SAPD aan te meld, of waar rede bestaan om te vermoed dat sodanige misdryf gepleeg is, gepleeg word of waarskynlik gepleeg sal word en versuim om op versoek van die SAPD enige besonderhede van sodanige kennis of vermoede te verskaf |
| Artikel 55(*a*) | Pogings om 'n seksuele misdryf ingevolge hierdie Wet te pleeg |
| Artikel 55(*b*) | Sameswering om 'n seksuele misdryf ingevolge hierdie Wet te pleeg |
| Artikel 55(*c*) | Aan iemand anders hulp verleen, of so iemand bystaan, oorhaal, aanspoor, aanhits, opdrag gee, beveel, adviseer of beweeg om 'n seksuele misdryf ingevolge hierdie Wet te pleeg |

**Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996), soos gewysig, verwys na die volgende misdrywe:**

| | |
|---|---|
| Artikel 24E(1–2) | Verbiedinge, misdrywe en strawwe op verspreiding van private seksuele foto's en films |
| Artikel 24F | Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir verfilming en verspreiding van films en foto's wat seksuele aanranding en geweld teen kinders uitbeeld |
| Artikel 24G | Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir oorlogspropaganda, aanhitsing van dreigende geweld en verkondiging van haat op grond van identifiseerbare groepseienskap, en wat aanhitsing om skade te berokken daarstel |

**Wet op Kubermisdade, 2020 (Wet 19 van 2020), verwys na die volgende misdrywe:**

| | |
|---|---|
| Artikel 14 | Openbaarmaking van 'n databoodskap wat beskadiging van eiendom of geweld aanhits |
| Artikel 15 | Openbaarmaking van 'n databoodskap wat persone met beskadiging van eiendom of geweld dreig |
| Artikel 16 | Openbaarmaking van databoodskap van intieme beeld |

**“Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act” (Wet 7 van 2013), soos gewysig, verwys na die volgende misdrywe:**

Artikel 4(1) Enige persoon wat ’n ander persoon binne of oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika heen besorg, werf, vervoer, oorplaas, versteek, verkoop, verruil, verhuur of ontvang deur middel van—

(a) ’n dreigement van skade;
(b) die dreigement van of gebruik van dwang of ander vorme van dwangmaatreëls;
(c) die misbruik van kwesbaarheid;
(d) bedrog;
(e) misleiding;
(f) menseroof;
(g) ontvoering;
(h) die misbruik van mag;
(i) die regstreekse of onregstreekse ontvangs van betalings of voordele om die toestemming van ’n persoon te verkry wat beheer of gesag oor ’n ander persoon het; of
(j) die regstreekse of onregstreekse skenking of ontvangs van betalings, vergoeding, belonings, voordele of enige ander voordeel, wat gemik is op of die persoon of iemand wat ’n hegte verwantskap met daardie persoon het, wat enige vorm of wyse van uitbuiting ten doel het, is skuldig aan die misdryf van mensehandel.

Artikel 4(2)(*a*) Enige persoon wat ’n kind aanneem, ongeag of die aanneming aan die hand van wettige of onwettige maatreëls gefasiliteer of verkry is ... binne of oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika heen met die doel om daardie kind of enige ander persoon op enige manier of wyse uit te buit, is skuldig aan ’n misdryf

Artikel 4(2)(*b*) Enige persoon wat ’n gedwonge huwelik, binne of oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika heen, met ’n ander persoon sluit met die doel om daardie kind of ander persoon op enige manier of wyse uit te buit, is skuldig aan ’n misdryf

**“Children’s Act”, 2005 (Wet 38 van 2005), soos gewysig, verwys na die volgende misdrywe:**

Seksuele mishandeling, omskryf as—

(a) seksuele mishandeling of aanranding van ’n kind of om toe te laat dat ’n kind seksueel mishandel of aangerand word;
(b) om ’n kind aan te moedig, te oorreed of te dwing om vir die seksuele bevrediging van ’n ander persoon gebruik te word;
(c) die gebruik van ’n kind in of doelbewuste blootstelling van ’n kind aan seksuele aktiwiteite of pornografie; of
(d) verkryging van ’n kind of om toe te laat dat ’n kind verkry word vir kommersiële seksuele uitbuiting of om op enige ander wyse deel te neem aan of by te dra tot die kommersiële seksuele uitbuiting van ’n kind;

'n Kind wat verlaat is, word omskryf as 'n kind wat—

(a) deur 'n ouer, voog of versorger verlaat is;

(b) om geen klaarblyklike rede nie, vir 'n tydperk van minstens drie maande geen kontak met die ouer, voog of versorger gehad het nie, of;

(c) waar van toepassing, geen kennis dra van waar die ouer, voog of versorger hom of haar bevind nie, en sodanige inligting ook nie deur die betrokke owerhede bevestig kan word nie;

Artikel 305(1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien daardie persoon 'n handeling uitvoer wat in stryd is met die verbod wat in artikel 12(2), (3), (4), (6), (7) of (8) uiteengesit is.

Artikel 12(2) 'n Kind jonger as die minimum ouderdom wat volgens wet vir 'n geldige huwelik vasgestel is, mag nie in die huwelik of in 'n verlowing uitgegee word nie, en waar hulle ouer is as die minimum ouderdom wat volgens wet vasgestel is, mag hulle nie sonder hul toestemming in die huwelik of in 'n verlowing uitgegee word nie;

Artikel 12(3) Skending van die geslagsdele of vroulike besnydenis is verbode

Artikel 12(4) Maagdelikheidstoetsing op kinders jonger as 16 jaar is verbode

Artikel 12(6) Die uitslae van maagdelikheidstoetse mag nie sonder die toestemming van daardie kind openbaar gemaak word nie

Artikel 12(7) Die liggaam van 'n kind wat aan maagdelikheidstoetsing onderwerp is, mag nie gemerk word nie

Artikel 12(8) Besnydenis van manlike kinders onder die ouderdom van 16 jaar mag slegs onder sekere omstandighede gedoen word

Artikel 305(3) 'n Ouer, voog of ander persoon wat ouerlike verantwoordelikhede en regte ten opsigte van 'n kind het, versorger of persoon wat geen ouerlike verantwoordelikhede en regte ten opsigte van 'n kind het nie, maar wat onbepaald, tydelik of gedeeltelik op vrywillige grondslag vir 'n kind sorg, is skuldig aan 'n misdryf indien daardie ouer of versorger of ander persoon—

(a) die kind mishandel of doelbewus verwaarloos; of

(b) die kind verlaat.

Artikel 305(4) 'n Persoon wat regtens aanspreeklik is vir die onderhoud van 'n kind, is skuldig aan 'n misdryf indien daardie persoon, terwyl sodanige persoon in staat is om dit te doen, versuim om die kind van voldoende voedsel, klere, huisvesting of mediese bystand te voorsien

Artikel 305(5) 'n Persoon wat die eienaar, verhuurder, bestuurder, huurder of bewoner van enige perseel is waarop die kommersiële seksuele uitbuiting van 'n kind plaasgevind het, is skuldig aan 'n misdryf indien daardie persoon, wanneer inligting insake daardie voorval verkry is,

versuim om redelike stappe te doen om die voorval by die SAPD aan te meld.

**Gemenereg-misdrywe wat van toepassing mag wees:**

- Moord
- Poging tot moord
- Aanranding met die opset om ernstig te beseer
- Aanranding
- Kwaadwillige saakbeskadiging
- Crimen iniuria (Persoonlikheidskending)
- Ontvoering

**Breërisiko-assesseringsraamwerk om besluitneming in die lewering van aangewese kinderbeskermingsdienste te rig**

1. **Die doel van die breërisiko-assesseringsraamwerk, soos beoog in artikel 142(c) van die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005), is om riglyne (die *General Regulations Regarding Children*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 33076 van 01 April 2010) vir die volgende daar te stel:**
   (a) Identifisering van kinders wat mishandel of doelbewus verwaarloos word
   (b) Assessering van risikofaktore om 'n bevinding van mishandeling en verwaarlosing op redelike gronde te staaf (soos beoog in artikel 110 van die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005))
   (c) Ondersoek deur die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie by ontvangs van 'n verslag oor die mishandeling of verwaarlosing van 'n kind
   (d) Toepaslike beskermende maatreëls wat ten opsigte van 'n kind geneem behoort te word
   (e) Openbaarmaking deur die kind oor mishandeling of doelbewuste verwaarlosing
   (f) 'n Verklaring deur 'n getuie oor 'n patroon of geskiedenis van mishandeling of doelbewuste verwaarlosing wat met die mishandeling van 'n kind verband hou.

2. **Die breërisiko-assesseringsraamwerk sluit die volgende riglyne in (volgens Regulasie 35(2) van die *General Regulations Regarding Children*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 33076 van 01 April 2010):**

| (a) **Aanwysers van fisieke mishandeling wat aanwesig is** | (b) **Emosionele en gedragsaanwysers van fisieke, sielkundige of seksuele mishandeling wat aanwesig is** | (c) **Ontwikkelingsaanwysers van fisieke, sielkundige of seksuele mishandeling wat aanwesig is** | (d) **Aanwysers van doelbewuste verwaarlosing wat aanwesig is** |
|---|---|---|---|
| • Kneusplekke op enige deel van die liggaam<br>• Grypmerke op die arms, bors of gesig<br>• Variasies in kleur van kneusplekke<br>• Blou-oë<br>• Merke wat deur 'n gordel gelaat is | • Aggressie<br>• Fisieke onttrekking wanneer deur volwassenes genader word<br>• Angs<br>• Geïrriteerdheid<br>• Voortdurende vrees vir bekende mense of situasies<br>• Hartseer<br>• Selfdoodpogings of -gedrag<br>• Selfskending | • Floreer nie<br>• Bereik nie fisieke en sielkundige ontwikkelingsnorme nie<br>• Onttrekking<br>• Hakkel/Stotter<br>• Onwilligheid om aan groepsaktiwiteite deel te neem<br>• Lompheid<br>• Gebrek aan koördinasie of oriëntasie<br>• Kind wat merkbaar floreer wanneer uit die | • Ondergewig<br>• Hare is dun met rooierige skynsel<br>• Sere om die mond<br>• Effense waterretensie in die handpalms of bene<br>• Vergrote of effens verharde buik<br>• Dun en droë vel |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • Geskeurde vel om of agter die ore<br>• Brandmerke deur sigarette veroorsaak of ander brandmerke<br>• Snye<br>• Opgehewe hale op die vel<br>• Frakture<br>• Kopbeserings<br>• Stuiptrekkings wat nie die gevolg is van epilepsie of hoë koors nie<br>• Lomerigheid<br>• Onreëlmatige asemhaling<br>• Braking (Vomering)<br>• Pyn<br>• Koors<br>• Rusteloosheid | • Obsessiewe gedrag<br>• Verwaarlosing van persoonlike higiëne<br>• Sosiaal onvanpaste seksuele gedrag of kennis vir kind van daardie ouderdom<br>• Aktiewe of passiewe afknouery/boelie-gedrag<br>• Onwilligheid of vrees om klere uit te trek of lae klere word oor mekaar aangetrek | tuisomgewing verwyder word | • Donker pigmentasie van vel, veral op die buitenste ledemate<br>• Abnormale dun spiere<br>• Ontwikkelings-agterstande<br>• Gebrek aan vetweefsel<br>• Disoriëntasie/ Verwarring<br>• Intellektuele gestremdheid<br>• Geïrriteerdheid<br>• Lusteloosheid<br>• Onttrekking<br>• Bedsere<br>• Kontrakture (verkorting/ misvorming) |

3. **’n Persoon wat weens die aanwesigheid van die aanwysers waarna hierbo verwys word, vermoed dat ’n kind seksueel mishandel is of op ’n wyse mishandel is wat fisieke besering of doelbewuste verwaarlosing veroorsaak, moet die algehele konteks van die kind se situasie in ooreenstemming met die volgende riglyne assesseer:**
   (a) Talle van die aanwysers mag nie-spesifiek wees ten opsigte van mishandeling of verwaarlosing.
   (b) ’n Groep of patroon van aanwysers, teenoor ’n enkele, geïsoleerde aanwyser, sal as stawing dien vir ’n gevolgtrekking van mishandeling of verwaarlosing.
   (c) Inligting oor die spesifieke tye van enige voorvalle, plekke waar voorvalle plaasgevind het, en die konteks waarin voorvalle plaasgevind het, wat op skrif gestel moet word, mag as stawing dien vir ’n gevolgtrekking van mishandeling of verwaarlosing.
   (d) Mishandeling mag onbedoeld wees, maar versuim aan die kant van die ouer/voog/versorger om mishandeling van die kind te voorkom, mag neerkom op verwaarlosing.
   (e) Mishandeling kan fisiek, sielkundig of seksueel van aard wees, sonder enige sigbare aanwysers, en vind waarskynlik plaas indien die kind voortdurend dreigemente van skade of straf aanmeld.

(f) 'n Reeks geringe voorvalle, waarvan enige, wanneer dit in isolasie beskou word, nie op mishandeling of verwaarlosing neerkom nie, mag neerkom op mishandeling of verwaarlosing wanneer dit in geheel beskou word.

(g) Die kind se ouderdom, persoonlikheid en temperament behoort in ag geneem te word.

(h) Teenstrydighede in die kind en sy/haar ouers/voogde/versorgers se weergawe van voorvalle kan die gevolgtrekking van mishandeling of verwaarlosing staaf of verminder.

(i) Enige onverklaarde vertraging om mediese behandeling te verkry vir 'n kind wat ernstig beseer is, behoort oorweeg te word as 'n moontlike aanwyser van mishandeling of verwaarlosing.

## Regsplig om misdrywe aan te meld

**Artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verklaar:**

(1) "Iemand wat kennis daarvan dra of 'n redelike oortuiging of vermoede het dat 'n seksuele misdryf teenoor 'n persoon wat kwesbaar is, soos omskryf in artikel 40, gepleeg is, moet sodanige kennis, redelike oortuiging of vermoede onmiddellik by 'n polisie-beampte aanmeld.

(2)
- (a) Iemand wat versuim om sodanige kennis, oortuiging, of vermoede, soos in subartikel (1) beoog, aan te meld, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met beide sodanige boete of sodanige gevangenisstraf.
- (b) Iemand wat te goeder trou sodanige oortuiging of vermoede aanmeld, is nie siviel of strafregtelik aanspreeklik as gevolg van sodanige aanmelding nie.

(3) Enige persoon wat kennis dra van die pleeg van enige misdryf soos in artikel 19A omskryf, of wat rede het om te vermoed dat sodanige misdryf gepleeg is, gepleeg word of na alle waarskynlikheid gepleeg sal word, en wederregtelik en doelbewus versuim om:
- (a) sodanige kennis of vermoede so gou moontlik by die SAPD aan te meld; of
- (b) op versoek van die SAPD alle besonderhede van sodanige kennis of vermoede te verskaf, is skuldig aan 'n misdryf."

**Artikel 110 van die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005), soos gewysig, verklaar:**

(1) Enige korrektiewe amptenaar, tandarts, homeopaat, immigrasie-amptenaar, arbeidsinspekteur, regspraktisyn, mediese praktisyn, vroedvrou, geestelike, verpleër, arbeidsterapeut, fisioterapeut, sielkundige, godsdiensleier, professionele persoon in die veld van maatskaplike dienste, maatskaplike werker, spraakterapeut, onderwyser, tradisionele gesondheidspraktisyn, tradisionele leier of personeellid of vrywillige werker by 'n fasiliteit wat gedeeltelike sorg verskaf, instapsentrum of kinder- en jeugsorgsentrum wat op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat 'n kind mishandel is op 'n wyse wat as fisieke besering, seksuele mishandeling of doelbewuste verwaarlosing geklassifiseer kan word, moet daardie gevolgtrekking op die voorgeskrewe vorm by 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie, die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of 'n polisiebeampte aanmeld.

(2) Enige persoon wat op redelike gronde oortuig is dat 'n kind sorg en beskerming benodig, mag daardie oortuiging by die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 'n aangewese maatskaplike werker of 'n polisiebeampte aanmeld.

**Deel 4 van die SAPD se Nasionale Instruksie 3 van 2008 verklaar:**

(1) Die beweerde pleeg van 'n seksuele misdryf word gewoonlik aangemeld deur—
- (a) die slagoffer van die misdryf;
- (b) 'n familielid, vriend of kollega van die slagoffer; of
- (c) 'n persoon wat die misdryf waargeneem het of inligting oor die pleeg van die misdryf ontvang het.

(4) 'n Persoon wat sy of haar—
- (i) kennis dat 'n seksuele misdryf teen 'n kind of verstandelik gestremde persoon gepleeg is; of
- (ii) redelike oortuiging of vermoede dat 'n seksuele misdryf teen 'n verstandelik gestremde persoon gepleeg is, aanmeld as gevolg van die regsplig om dit ingevolge artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, aan te meld, mag dit soms uit vrees vir vervolging doen, sou hy/sy versuim om dit aan te meld.

(5) Indien 'n persoon (waarna in subparagraaf (4) verwys word) sodanige kennis of sy of haar redelike oortuiging of vermoede by 'n polisiebeampte aanmeld, mag die lid wat die inligting ontvang onder geen omstandighede sodanige persoon wegwys nie. So 'n lid moet die inligting oorweeg en—
- (a) indien die lid tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is, 'n beëdigde verklaring van die persoon verkry wat die inligting insluit wat deur daardie persoon verskaf is, 'n dossier vir die ondersoek van die misdryf, wat na bewering gepleeg is, open en die dossier op die Misdaadadministrasiestelsel (MAS-stelsel) registreer; of
- (b) indien die lid nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is nie, die bevelvoerder van die Gemeenskapsdienssentrum raadpleeg, wat 'n volledige inskrywing van die aanmelding in die voorvalleboek (VB) moet maak, asook die redes waarom die bevelvoerder nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is nie, en die nommer van die VB-inskrywing aan die persoon verskaf wat die aanmelding gedoen het. Die inskrywing moet voldoende besonderhede van die persoon, wat die beweerde misdryf aangemeld het insluit sodat hy of sy opgespoor kan word en 'n onderhoud met hom of haar gevoer kan word indien dit nodig sou blyk te wees.

**Artikel 2A van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), soos gewysig, verklaar:**

(1) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige ander persoon—
- (a) wat aan 'n klas of kategorie van persone behoort; of
- (b) wat in diens is van enige klas of kategorie entiteite, as 'n funksionaris aanwys.

(2) 'n Funksionaris, wat in die loop van die uitvoering van hulle pligte of die uitoefening van hulle werksaamhede, inligting kry wat, ná evaluering deur hulle, hulle op redelike gronde laat glo of vermoed dat 'n kind, 'n persoon met 'n gestremdheid of 'n ouer persoon 'n klaer kan wees soos in artikel 1 omskryf—
- (a) moet sonder oponthoud—

(i) ’n verslag in die voorgeskrewe vorm voltooi waarin die redes vir daardie oortuiging of vermoede uiteengesit word; en

(ii) op die voorgeskrewe wyse die verslag indien by—

(aa) ’n maatskaplike werker; of

(bb) ’n lid van die SAPD;

(b) moet ’n risiko-assessering doen soos in artikel 18B beoog; en

(c) kan, ná evaluering van die risiko-assessering in paragraaf *(b)* bedoel, dienste aan die klaer verskaf of die klaer vir verdere dienste verwys soos in artikel 18B beoog.

(3) ’n Funksionaris in subartikel (2) bedoel—

(a) wat die verslag bedoel in subartikel (2)(*a*) te goeder trou opstel, is nie vatbaar vir siviele, strafregtelike of dissiplinêre aksie op grond van die verslag nie, ondanks enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied; en

(b) is daarop geregtig dat hulle identiteit vertroulik gehou word tensy die belange van geregtigheid andersins vereis.

**Artikel 2B van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), soos gewysig, verklaar:**

(1) “Onder omstandighede, anders as dié in artikel 2A(2) beoog, moet ’n volwasse persoon wat weet, of op redelike gronde glo of vermoed dat ’n handeling van gesinsgeweld teen ’n kind, ’n persoon met ’n gestremdheid of ’n ouer persoon gepleeg is, sodanige kennis, oortuiging of vermoede so gou as moontlik by ’n maatskaplike werker of die SAPD aanmeld.

(2) Die verslag bedoel in subartikel (1), moet—

(a) in die voorgeskrewe vorm gemaak word;

(b) die redes vir sodanige kennis, oortuiging of vermoede uiteensit; en

(c) op die voorgeskrewe wyse aan ’n maatskaplike werker of ’n lid van die SAPD voorgelê word.

(3) ’n Persoon in subartikel (1) bedoel—

(a) wat die aanmelding te goeder trou doen, is nie vatbaar vir siviele, strafregtelike of dissiplinêre aksie op grond van die verslag nie, ondanks enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaring van persoonlike inligting verbied; en

(b) het die reg dat sy of haar identiteit vertroulik bly, tensy die belange van geregtigheid anders vereis.

(4) ’n Persoon wat versuim om aan subartikel (1) te voldoen, is aan ’n misdryf skuldig.”

**Artikel 18 van die “Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act”, 2013 (Wet 7 van 2013), verklaar:**

(1) (a) Ten spyte van enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied, moet enige persoon wat kennis dra van of redelikerwys kennis moes gedra het of moes vermoed het dat ’n kind ’n slagoffer van mensehandel is, daardie kennis of vermoede onmiddellik by ’n polisiebeampte vir ondersoek aanmeld.

(b) ’n Aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat in aanraking kom met ’n kind wat na vermoede ’n slagoffer van mensehandel is en wat nie, soos in paragraaf (a) daarvoor

voorsiening gemaak is, aangemeld is nie, moet daardie kind onmiddellik by 'n polisiebeampte aanmeld vir ondersoek.

(3) 'n Persoon waarna in subartikel (1) verwys word—

(a) moet redes vir daardie kennis of vermoede aan 'n polisiebeampte verskaf;

(b) wat die aanmelding in goeder trou doen, is nie aanspreeklik vir siviele of dissiplinêre optrede op grond van die verslag nie, ten spyte van enige wet, beleid of gedragskode wat die openbaarmaking van persoonlike inligting verbied; en

(c) is geregtig daarop om sy of haar identiteit as vertroulik te beskou indien dit 'n veiligheidsrisiko vir hom of haar inhou, tensy dit in die belang van die gereg is.

**Bepalings ten opsigte van die Nasionale Register vir Seks-oortreders**

**Artikel 46 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verklaar:**

(1) "'n Werknemer wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk in die diens van 'n werkgewer is en wat aan 'n seksuele misdryf skuldig bevind is [teen 'n kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid], of wat na bewering 'n seksuele misdryf gepleeg het [teen 'n kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid], en met wie ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), mee gehandel is, ongeag of sodanige misdryf gedurende die loop van sy of haar diens gepleeg of na bewering gepleeg is al dan nie, en wie se besonderhede in die Register opgeneem is of opgeneem staan te word, moet sodanige skuldigbevinding of bevinding onverwyld aan sy of haar werkgewer openbaar."

(2) "'n Werknemer wat na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk aansoek doen om in diens geneem te word, moet, indien hy of sy aan 'n seksuele misdryf skuldig bevind is [teen 'n kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid], of na bewering 'n seksuele misdryf gepleeg het [teen 'n kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid], en ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), mee gehandel is, en wie se besonderhede in die Register opgeneem is of opgeneem staan te word, sodanige skuldigbevinding of bevinding openbaar wanneer die aansoek om indiensneming gedoen word."

**Artikel 47 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos gewysig, verklaar:**

(1) "'n Lisensiëringsowerheid mag nie 'n lisensie toestaan of die bestuur of bedryf van enige entiteit, besigheidsonderneming of bedryf wat met die toesig of sorg oor 'n [kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid] persoon wat kwesbaar is, verband hou, goedkeur sonder om by wyse van 'n aansoek by die Registrateur om 'n voorgeskrewe sertifikaat, vas te stel of die besonderhede van sodanige persoon in die Register opgeneem is al dan nie."

(2) "Iemand wat na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk by 'n lisensiëringsowerheid aansoek doen om 'n lisensie in subartikel (1) beoog, en wie se besonderhede in die Register opgeneem is of opgeneem staan te word, moet openbaar dat hy of sy aan 'n seksuele misdryf skuldig bevind is of na bewering 'n seksuele misdryf gepleeg het en ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), mee gehandel is."

## Riglyne ten opsigte van oortreders wat WKOD-werknemers is

1. Die bestuur van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe teen kinders deur 'n werknemer van die WKOD, sal aan die hand van die volgende riglyne hanteer word:
   (a) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)
   (b) Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)
   (c) Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)
   (d) RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms 3 van 2018, gedateer 25 September 2018
   Maak voorsiening vir verpligte navrae deur arbiters in gevalle van dissiplinêre optrede teen opvoeders wat aangekla word van seksuele misdrywe teen leerders
   (e) Omsendbrief 0011/2019, gedateer 09 Maart 2019
   Riglyne vir prinsipale oor hulle rol in die rapportering en bestuur van beweerde wangedrag, dissiplinêre verhore en geskilpunte oor onbillike ontslag
   (f) Omsendbrief 0012/2019, gedateer 09 Maart 2019
   Verbod op lyfstraf
   (g) Omsendbrief 0015/2023, gedateer 06 April 2023
   Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag

(2) Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette, 2000 (Wet 53 van 2000), omskryf ernstige wangedrag in artikel 17(1) as volg:
(17)(1) "**'n Opvoeder** moet ontslaan word indien hy of sy skuldig bevind word aan—
(a) diefstal, omkopery, bedrog of 'n daad van korrupsie ten aansien van eksamens of bevorderingsverslae;
(b) die pleeg van 'n daad van seksuele aanranding ten aansien van 'n leerder, student of ander werknemer;
(c) die aanknoop van 'n seksuele verhouding met 'n leerder van die skool waar hy of sy in diens is;
(d) ernstige aanranding, met die opset om ernstige liggaamlike leed aan te doen, op 'n leerder, student of ander werknemer;
(e) die onwettige besit van 'n bedwelmende, onwettige of verdowende middel; of
(f) daaraan dat hy of sy die oorsaak daarvan is dat 'n leerder of 'n student enige van die dade beoog in paragrawe *(a)* tot *(e)* pleeg."

(3) Die proses vir die bestuur van ernstige wangedrag (wat kindermishandeling insluit) ten opsigte van **staatsdienswerknemers**, word gereguleer deur Resolusie 1 van die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens, gedateer 28 Junie 2013. Die dissiplinêre proses is soortgelyk aan die proses wat vir 'n opvoeder geld, en indien daar 'n skuldigbevinding is, sal sodanige skuldige oortreders ontslaan word.

**Bylae H**

**Riglyne ten opsigte van oortreders wat werknemers is wat deur beheerliggame aangestel is**

1. Die bestuur van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe teen kinders deur 'n werknemer wat deur 'n beheerliggaam aangestel is, sal aan die hand van die volgende riglyne hanteer word:
   (a) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)
   (b) Omsendbrief 0011/2019, gedateer 09 Maart 2019
   Riglyne vir prinsipale oor hulle rol in die rapportering en bestuur van beweerde wangedrag, dissiplinêre verhore en geskilpunte oor onbillike ontslag
   (c) Omsendbrief 0012/2019, gedateer 09 Maart 2019
   Verbod op lyfstraf
   (d) Omsendbrief 0035/2021, gedateer 23 Junie 2021
   Voorkoming van heraanstelling van voormalige opvoeders en staatsamptenare wat ontslaan is of as ontslaan beskou word vir wangedrag of wat geag word om te bedank het
   (e) Omsendbrief 0015/2023, gedateer 06 April 2023
   Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag

2. Beheerliggame moet toesien dat aansoekers wat vir aanstelling oorweeg word, nie skuldig bevind is aan 'n misdryf teen 'n kind ingevolge die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Ander Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007) of die "Children's Act", 2005 (Wet 38 van 2005) nie.

3. **Alle werknemers** wat by skole werksaam is (wat vrywilligers insluit, asook persone wat nie regstreeks met kinders werk nie, soos kokke, tuinwerkers en opsigters) moet klaring ondergaan teen beide die Nasionale Kinderbeskermingsregister en die Nasionale Register vir Seks-oortreders.

4. Die prinsipaal moet Vorm 29 invul en dit aan die Direkteur-generaal: Maatskaplike Ontwikkeling stuur sodat daar geverifieer kan word of die name van enige werknemers en vrywilligers op die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn.

5. Dit is 'n misdryf, wat strafbaar is met tot 10 jaar tronkstraf, of 'n boete, of albei, om aan 'n persoon toegang tot kinders te gee indien sodanige persoon as ongeskik verklaar is om ingevolge artikel 305(1)(c) van die "Children's Act", 20025 (Wet 38 van 2005), met kinders te werk.

6. 'n Persoon wat as ongeskik verklaar is om met kinders te werk, kan ontslaan word indien hy of sy nie sodanige inligting aan 'n werkgewer openbaar nie.

7. Beheerliggame moet toesien dat kontrakte wat met werknemers gesluit word, voorsiening maak vir dissiplinêre stappe betreffende bewerings van kindermishandeling, doelbewuste verwaarlosing en seksuele misdrywe teen 'n werknemer.

8. Voorstelle vir bepalings in indiensnemingskontrakte:
   (a) **Skorsing:** "die werkgewer kan die werknemer uit sy of haar pos skors voor of nadat die werknemer aangekla is van wangedrag, op voorwaardes wat deur die werkgewer bepaal word. Die werkgewer sal die werknemer skriftelik van die skorsing, die redes vir die skorsing en of die skorsing met of sonder betaling sal wees, in kennis stel."
   (b) **Beëindiging van kontrak:** "die werkgewer kan die kontrak onmiddellik beëindig op grond van voorwaardes wat ingevolge enige wetgewing erken word."
   (c) **Sanksies:** Na gelang van die aard van die misdryf, is dit raadsaam om Skedule 1 en 2 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) te raadpleeg. Die werkgewer kan enige van die volgende sanksies instel:
      (i) Onmiddellike ontslag
      (ii) Ontslag sonder betaling as alternatief vir 'n kennistydperk
      (iii) Finale skriftelike waarskuwing
      (iv) Skriftelike waarskuwing
      (v) Vermindering van salaris.

9. In die geval van 'n dissiplinêre verhoor, moet die beste belang van die kind voorkeur geniet:
   (a) Verseker die veiligheid van die kind tydens die verhoorproses.
   (b) Verseker dat die kind toegang het tot 'n tussenganger, ongeag die kind se ouderdom.
   (c) Die kind het die reg om enige persoon te kies om hom of haar tydens die verhoorproses ter ondersteuning te vergesel.
   (d) Wanneer ondervraging plaasvind, moet die kind se ontwikkelingsouderdom, taalvoorkeur, emosionele toestand, aandagspan en kognitiewe vermoë in ag geneem word.
   (e) Maak seker dat die kind gereeld ruspouses kry.
   (f) Maak seker dat ontlonting gedoen word, indien nodig.

**Bylae I**

## Riglyne ten opsigte van die betrokkenheid van die openbare media

1. Raadpleeg asseblief Omsendbrief 0019/2024, gedateer 20 Junie 2024, oor die implementering van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se gedragskode vir sosiale media.

2. Stel die distriksdirekteur deur middel van die kringbestuurder so gou moontlik in kennis van 'n situasie wat die potensiaal het om die aandag van die media te trek.

3. Verwys **alle medianavrae** na die Direktoraat: Kommunikasie by die Hoofkantoor van die WKOD.

4. Stel alle betrokke werknemers in kennis dat alle medianavrae na die Direktoraat: Kommunikasie by die WKOD Hoofkantoor verwys moet word.

5. **Die identiteit van die leerder-slagoffer en vermeende oortreder moet te alle tye vertroulik bly.**

**VORM 29**

**Inquiry by employer to establish whether person's name appears in Part B of National Child Protection Register**

(Regulation 44)

[SECTION 126 OF THE CHILDREN'S ACT 38 OF 2005]

TO: The Director-General
Department of Social Development
Private Bag xxx
PRETORIA 0001

Dear Sir/Madam

In terms of section 126 of the "Children's Act" 38 of 2005, I ................................................................................ ............................................................................................................................................ (full names and surname) wish to inquire whether the name of a person in my employ or that I wish to employ appears in Part B of the National Child Protection Register. A certified copy of one of the following documents is attached as verification of my identity (mark with an 'x'):

- ☐ birth certificate (only if not in possession of identity document or passport)
- ☐ identity document
- ☐ passport

In the event that his/her name is included in Part B of the Register, kindly furnish reason why this was done.

**Please note that section 126 of the Act requires you to respond to this inquiry within 21 working days.**

Name of business: ..........................................................................................................................................
Physical address of business: .........................................................................................................................
Postal address of business: ............................................................................................................................
Telephone numbers of business: ....................................................................................................................
Position held or to be held by person: .............................................................................................................

**Personal details of person employed or to be employed.**

Full names: ....................................................................................................................................................
Surname: .......................................................................................................................................................
Physical address: ...........................................................................................................................................
Postal address: ..............................................................................................................................................
Telephone number: ...........................................................Alias or nickname: ………………………………………..
ID number: .......................................................................Passport number: ...................................................

Yours sincerely

........................................................................
(Signature)

Date: ............................................................

**VORM 7**
**[Regulation 17(1)]**
**APPLICATION FOR CERTIFICATE BY PERSON IN RESPECT OF OWN PARTICULARS**
**Section 44 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007) (the Act)**

**Date: ..................................................**

**NOTE 1:** In terms of section 44 of the Act an application for a certificate, stating whether or not the particulars of a person mentioned in the application are recorded in the National Register for Sex Offenders may be made by—

(a) an employer in respect of an employee;
(b) a licensing authority in respect of an applicant;
(c) a relevant authority in respect of an applicant;
(d) an employee contemplated in respect of his or her own particulars;
(e) a person contemplated applying for a licence or approval to manage or operate any entity, business concern or trade in relation to the supervision over or care of vulnerable persons in respect of his or her own particulars;
(f) a person contemplated in section 48(2) applying to become a foster parent, kinship care-giver, temporary safe care-giver or adoptive parent in respect of his or her own particulars; or
(g) any person whose particulars appear on the Register in respect of his or her own particulars.

**NOTE 2:** A fingerprint report of applicant must be attached to this form (a fingerprint report can be obtained from any police station)

| **1. PARTICULARS OF APPLICANT** | | |
|---|---|---|
| Title: | | |
| Full names and surname: | | |
| Indicate any other surnames: | | |
| Indicate any known alias or nickname: | | |
| Profession or trade: | | |
| Date of birth: | | |
| Age: | | |
| Identity number/passport number: | | |
| Driver's licence number: | | |
| Home address/last known physical address: | | |
| Any other contact details (including postal address): | | |
| Telephone number: | Cell number: | E-mail address: |

| | | |
|---|---|---|
| Type of sexual offence: | | |
| Date and place of conviction: | Date: | Place: |
| Date and place of sentence: | Date: | Place: |
| Sentence imposed: | | |
| Reason for applying for certificate: | | |

..............................................................

**SIGNATURE OF APPLICANT**
(If application is not submitted electronically)

**VORM 8**
**[Regulation 17(2)]**
**APPLICATION FOR CERTIFICATE BY PERSON/ LICENCING AUTHORITY/ RELEVANT AUTHORITY IN RESPECT OF PARTICULARS OF ANOTHER**
**Section 44 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007) (the Act)**

**Date: ..................................................**

**NOTE 1:** In terms of section 44 of the Act an application for a certificate, stating whether or not the particulars of a person mentioned in the application are recorded in the National Register for Sex Offenders may be made by—

(a) an employer in respect of an employee;
(b) a licensing authority in respect of an applicant;
(c) a relevant authority in respect of an applicant;
(d) an employee contemplated in respect of his or her own particulars;
(e) a person contemplated applying for a licence or approval to manage or operate any entity, business concern or trade in relation to the supervision over or care of vulnerable persons in respect of his or her own particulars;
(f) a person contemplated in section 48(2) applying to become a foster parent, kinship care-giver, temporary safe care-giver or adoptive parent in respect of his or her own particulars; or
(g) any person whose particulars appear on the Register in respect of his or her own particulars.

**NOTE 2:** A fingerprint report of the person on whose behalf this application **is submitted, must be attached to this form (a fingerprint report can be obtained from any police station).**

| **1.** | **PARTICULARS OF APPLICANT** | | |
|---|---|---|---|
| *1.1 | Title: | | |
| | Full names and surname: | | |
| | Profession or trade: | | |
| | Identity number/passport number: | | |
| | Contact details (including postal address): | | |
| | Telephone number: | | Cell number: |
| | Reason for applying for certificate: | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *1.2 | **If licensing authority or relevant authority as defined in the Act applies for certificate, please state:** | | |
| | Name of licensing authority/relevant authority: | | |
| | Business address of licensing authority/relevant authority: | | |
| | Details of contact person applying on behalf of licensing authority/relevant authority: | | |
| | Title: | | |
| | Full names and surname: | | |
| | Profession or trade: | | |
| | Identity number/passport number: | | |
| | Contact details (including postal address): | | |
| | Telephone number: | | Cell number: |
| | Reason for applying for certificate: | | |

***Delete whichever is not applicable***

| 2. PARTICULARS OF PERSON | | |
|---|---|---|
| Title: | | |
| Full names and surname: | | |
| Indicate any other surnames: | | |
| Indicate any known alias or nickname: | | |
| Profession or trade: | | |
| Date of birth: | | |
| Age: | | |
| Identity number/passport number: | | |
| Driver's licence number: | | |
| Home address/last known physical address: | | |
| Any other contact details (including postal address): | | |
| Telephone number: | | Cell number: |

..................................................................

**SIGNATURE OF APPLICANT**

(If application is not submitted electronically)